

HOOFSTUK 4

DESTRUKSIE IN "ONSE HYMIE"

4.1 Aftakeling van karakters

Karakters word in Onse Hymie op verskillende maniere afgetakel: deur naaktheid, honger, beserings en kwale en bedwelming. Elk van die destruksiewyses verdien ondersoek.

4.1.1 Naaktheid van karakters

Reeds op die stofomslag gewaar die leser van Onse Hymie 'n naakte vrou wat haar borste en skaamdeel bedek "met 'n arm en vyf vingers op al die plekke" (p.46). In dr. Ustinov se ondersoekkamer word beskryf hoe hierdie naakte vrouekarakter, nadat sy die arts se kunsskeppinge bestudeer het, "haarself nou skaamteloos blootstel in volle oorgawe aan die wysheid van die guru van natuurheling" (p.47). In hierdie toneel word psigoterapie-cum-kuns deur die implisiete outeur aangebied, en dit dwing die leser om die simboliek van naaktheid te ondersoek. James Hall (80:226) toon aan dat naaktheid simbolies op verskeie maniere geïnterpreteer word:

"In the Old Testament the eulogy of the female body in the 'Song of Songs' is contrary to the generally prevailing sentiment of the ancient Hebrews, such as is expressed by Jeremiah 13:26" (p.226).

Verder noem Hall dat naaktheid in die Klassieke en ook vroeg-Christelike era op verskillende maniere geïnterpreteer is: Nuditas naturalis was die naaktheid van onskuld voor die val in die Paradys. Nuditas temporalis is die afgestrooptheid van wêreldsgoed, soos vergestalt in Job. Nuditas virtualis is 'n kwaliteit van sondeloosheid wat ook verband hou met Waarheid. Nuditas criminalis is die ou sondes wat in die Christelike era aan die heidense gode en godinne toegeskryf is.

Die oorweldigende getal parallele tussen Onse Hymie en Jeremia maak dit noodsaaklik dat die naaktheidsmotief in die lig van Jeremia beskou moet word, ook omdat die rapportering van die aardbewing gepaard gaan met 'n Bybelverwysing in die roman:

In 'n Bybel-ensiklopedie vir die jeug verskyn die volgende gegewe: Die Bybel noem ook aardbewings as een van die tekens van Christus se wederkoms (Matt. 24 en Luk. 21)" (p.85).

Wanneer die leser van Onse Hymie in die lig hiervan, ter wille van die simboliek van naaktheid, die Bybel by Jeremia 13:26

oopslaan, staan daar geskrywe: "So het Ek dan ook jou slippe opgetel oor jou aangesig, sodat jou skande gesien word".

Waar die simbool-woordeboek van Hall die leser na die Bybel verwys by die ondersoek van naaktheid, dui die verteller van Onse Hymie ook aan dat die sleutels vir die verstaan van hierdie roman beide in Die Bybel en in die algemene simboliek geleë is. Oor aardbewings word beide na die Bybelse Ensiklopedie vir die Jeug verwys, en na J.E. Cirlot, 'n bekende outeur van 'n simbool-woordeboek (p.85). Daarmee dui die implisiete outeur aan dat geldige inligting in verband met simbole in Onse Hymie beide in die Bybel en in die algemene simboliek te vinde is.

Die simboliek van naaktheid, soos reeds aangedui, kan enersyds negatief en andersyds positief wees. Hierdie naakte vrou op die stofomslag, wat ook in die roman verewig is, het selfs 'n positiewe nuanse en kan die nuditas naturalis vergestalt. Die verteller dui die onskuld van die naakte vrou so aan:

"Onse Hymie en Johannes Garries kyk na die vrou wat onskuldig-nakend die skilderye en waterverfstukke van die dokter een vir een met nuwe insig bekyk. Daar is iets roerends omtrent die naakte vrou wat die lewe via die amateur-skeppings, veral op die gebied van waterverf, ervaar" (p.47).

Op tipiese Leroux-wyse is die bose en die goeie ook in hierdie toneel ingebou. Dieselfde

mengsel van boos en goed is te vind in die pseudo-naaktoneel met seksuele ondertone in die afdeling, DIE VLEISPALEIS I (d). Die verteller is aan die woord:

"Die belese Belgiese vrou verskyn skugter in 'n swart peignoir ... Sy voel effens verlore, maar nie die minste skaam nie, as haar 'sporrán' met elke langsame beweging deursigtig blootgestel word" (p.70).

Hierdie half-naakte belese Belgiese vrou sterf 'n grusame dood as sy verkrag en in die swembad gegooi word: "Die kaal vrou huiwer oor die kolkende watermassa. Sy kyk rond. Is daar nie iemand wat haar sien nie? Sy is onbewus van 'n kelner van die Vleispaleis wat uit die skaduwee kom. Hy gryp haar en verkrag haar. En toe gooi hy haar in die borrelende swembad" (p.96). Aldus reken die implisiete outeur af met die hedendaagse kultus van die naaktheid, en die hubris van promiskuiteit.

Die naakte of halfnaakte bolyf word heel dikwels in die roman aangetref. Simbolies gesien is die naakte bolyf 'n teken van moed en De Vries (1974:337) skryf ook:

" ... female warriors generally expose one breast. In diety-images the upper part of their bodies is often naked (visible upper portion of Universe), whereas the lower limbs (earth, fertility and decomposition) are hidden."

Die ontwikkeling van die bolyf is in Onse Hymie sigbaar wanneer die afgetrede Majoor van die Weermag, nadat hy deur vallende balke beseer is, moedig sy bolyf ontwikkel het en as gestremde Springbokkleure verwerf het (p.90). Dan is daar ook die eienaardige gegewe oor die naakte bors van 'n vrou (p.107). 'n Sekere Nois van Wyk is deur 'n spinnekop op haar bors gebyt en met behulp van 'n B.C.F.-brandblusser en die kundigheid van dr. Ustinov is die wond binne 'n japtrap genees. Die vrouenaam Nois is 'n omkering van die woord, Sion. Hier is letterlik 'n hulpgeroep van Nois (Sion): "Help my, dokter" (p.108). En dit is parallel aan die reeds genoemde profesieë, Jeremia 8:19 en 8:22. In Jeremia 8:19: staan geskrywe: "Daar is 'n hulpgeroep van die dogter van my volk uit 'n baie ver land: Is die Here nie in Sion nie?" En verder, in Jeremia 8:22 : "Is daar geen balsem in Gilead nie? Of is daar geen geneesheer nie? Want waarom het die genesing van die dogter van my volk nie tot stand gekom nie?"

In die roman genees die dokter van die Vleispaleis, wat altyd byderhand is, die Sion van hierdie wyk blitsig. (En daar is 'n suggestie dat hierdie Van Wyk van die Karoo is volgens p. 107). So word die Bybelse gegewens oor die dogter van die volk, oor Sion en die balsem in Gilead getravesteer.

Die spinnekop is die simbool van vernietiging en heropbou:

"Spiders, in their ceaseless weaving
and killing - building and
destroying symbolize the ceaseless
alternation of forces on which the

stability of the Universe depends "
(Cirlot, J. 1967:290).

Dus kan uit hierdie toneel moontlik ook die positiewe boodskap afgelees word dat die dogter van hierdie volk moedig teen die bose kan veg.

Veel meer ontroerend is die hele toneel wat die paraplegiese kinders van die Vleispaleis beskryf. *Die verteller dui aan hoe Onse Hymie en Johannes Garries hulle vind:

"Hulle beweeg steeds na die binnekringe van die Vleispaleis en hulle sien paraplegiese kinders en verminkte jongmans en meisies, vermink as gevolg van motorongelukke, wat in 'n saal die kragte in hulle bolywe bewys. Die verminktes doen ongelooflike kragtoere op balke terwyl hulle boonste spiere, wat nog leef, bult" (p.106).

Die leser kry die indruk dat die kinders se bolywe nie baie knus gekleed is nie, anders sou die spiere wat bult nie sigbaar wees nie. Hoe dit ook al sy, hierdie kinders lewer 'n vertoning tydens 'n skou, en hulle vertoning word onderbreek. Die perd met die gebreekte been, Loverboy, word aan die toeskouers bekend gestel. Hierdie verhaaltjie van die vertoning by die skou word in die geheel tussen hakies geplaas - asof die implisiete outeur 'n verduideliking van die kinders se gestremdheid wou gee. *Die parallelle tussen die Bybel en Onse Hymie blyk uit die volgende tabel:

VERGELYKENDE TABEL

DIE BYBEL

Jeremia 8:1 en 2
Daardie tyd sê
die Here, sal
hulle die bene
van die konings
van Juda, en die
van die land se
amptenare, die
priesters, die
profete en die
inwoners van
Jerusalem uit
hulle grafte haal
en uitsprei voor
die son, die maan
en al die ander
hemelliggame vir
wie hulle lief
was en gedien het,
agter wie hulle
aangeloop het, vir
wie hulle geraad=
pleeg het en voor
wie hulle gebuig
het. Die bene sal
nie weer bymekaar=
gemaak en begrawe
word nie; soos mis (a)
sal hulle bo-op
die grond bly lê.

Bybel met Verkla=
rende Aantekeninge

ONSE HYMIE

p. 56:
In hierdie Vleispaleis
word in elke gruwelike
uitwerpsel (a) gespesiali=
seer.

Kyk ook na die tabel van
rioolwoorde wat in die
roman gebruik is, soos uit
eengesit in paragraaf 4.3
Byvoorbeeld:

p. 52 - kak (a)

p. 63 - mis (a)

p. 32 - stront (a)

p. 106:

Hulle beweeg steeds na

DIE BYBEL

ONSE HYMIE

Die einde van Jere= mia se sewende hoofstuk en die begin van die agste hoofstuk is 'n profesie teen kinder= offers (b) en sterrediens (c).

Jeremia 8:14
Hy gee ons gif= water (d) om te drink, want ons het teen Hom ge= sondig.

Jeremia 8:16
Van Dan af hoor 'n mens die ge= snuif (e) van die vyand se perde (f); die gerunnik (e) van sy perde (f) laat die hele land bewe.

Jeremia 8:17
Ek stuur giftige slange (g) onder julle in om julle

die binnekringe van die Vleispaleis en hulle sien paraplegiese kin= ders (b), en verminkte jongmans en meisies (b)

p. 53:
"Kyk na die borde", sê die Bestuurder.
"Hulle het die vorm van die sodiak (c)."

p. 31:
Hymie lig 'n koppie koffie, die gif (d) van die Karoo, by wyse van saluut.

p. 106:
Die eienaar van die ge= broke kampioenperd (f) loop saam met die kin= ders, in rystoele en op krukke, na die middel= punt van die arena, waar 'n pragtige hings (f) op drie bene steier en met gevleuelde neusgate snork (e) terwyl die op= tog nader kom.

p. 107:
Nois het 'n knop in haar pram waar 'n spinne= kop (g) haar gebyt (h)

DIE BYBEL

ONSE HYMIE

te pik (h), sê
die Here.

het.

Jeremia 8:19
Daar is 'n hulp=
geroep (j) van
die dogter (i) van
my volk uit 'n
baie ver land.

p. 108:
"Help my (j) dokter",
sê sy.(i)

Jeremia 8:22
Is daar nie bal=
sem (k) in Gilead
nie? Is daar nie
'n dokter (l)
nie?

p. 108:
Dr. Ustinov (l) vat die
brandblusser (k) en be=
spuit Nois se pram.

Jeremia 8:19
Is die Here nie
meer in Sion (m)
nie?

p. 108:
Nois van Wyk (Nois (m)-
die omkering van die
woord Sion).

Jeremia 8:8
Waarlik, kyk be=
drieglik werk die
leuenpen van die
skrywers.
Die slim mense (n)
kom in die skande,
is verslae en
verstrik.

p. 32:
"Ek is 'n Hotnot van
die Karoo, en ek haat
die slim manne (n) van
die Kaap," sê Johan=
nes Garries.

Jeremia 13:19
Die stede van die
Suidland is toege=
sluit (o), en nie=

p. 12:
"Ek het bewyse, Hier is
my sleutel' (o), en hy
stel 'n groot sleutel

DIE BYBEL

mand maak oop nie.

Jeremia 13:23
Kan 'n Kusiet (p)
sy vel (q) ver=
ander of 'n
luiperd sy
vlekke?

Jeremia 13:26
So het ek dan ook
jou slippe opgetel
oor jou aangesig,
sodat jou
skande (r) ge=
sien (s) word.

ONSE HYMIE

met kamernommer 27 op 'n
ivoorskyf aangebring,
ten toon."

Die roman, Onse Hymie,
gaan oor die lewe in
Suid-Afrika en die land
Kus, 'n Afrika-
land, is moontlik naby
Ethiopië geleë. Dus sal
die landgebied suid van
Kus (p) dele wees wat
geografies naby Suid-
Afrika geleë is.

Velkleur (q) word her=
haaldelik in Onse Hymie
genoem, onder andere:
p. 62:
Die man van Groenland is
liggroen (q).
p. 37:
...sodat hy half
blou (q) in sy gesig is
p. 66:
"Ek is swarter (q) as
die man van Groenland,
Johannes Garries".

p. 70:
Sy voel effens verlore
maar nie die minste
skaam nie, as haar
"sporran" (r) met elke
langsame beweging
deursigtig bloot=
gestel (s) word.

DIE BYBEL

Jeremia 23:9
Wat die pro=
fete (t) betref -
my hart is ge=
breek in my binne=
ste, my hele ge=
beente sidder; ek
is soos 'n dronk
man (u) en soos
'n man wat deur
wyn oorweldig is,
vanwee die Here
en sy heilige
woorde (v).

ONSE HYMIE

p. 62:
Op pad na sy bed toe
vind Onse Hymie die
Swart Nar, die Stigter,
Boris Muslovitch, in
nuwe gedaante. Hy het
wikkelbene vanwee dron=
kenskap (u)

p. 66:
Maar 'n ontsettende
voorgevoel van 'n
komende ramp (t) het
my wakker gemaak.

p. 67:
"Volgens Knorr von Rosen=
roth ('Kabbala denudata')
is die goue candelabrum
'n sigbeeld van die
Shekinah...Daar is 'n
kerssterkte wat nie te
onderskat is nie...Dis
psigiese dinamiet (v).

In Die Bybel met verklarende aantekeninge word die inligting verkry dat die profesie in Jeremia 8, soos hierbo blyk, gerig is teen kinderoffers en sterrediens. Indien die leser bekend is met die feit dat alkoholmisbruik en egskeidings die redes is waarom die grootste persentasie kinders in Kinderhuise beland, kan dit wees dat die implisiete outeur met die verduideliking tussen hakies (p.106) wou aantoon dat daar ook van geestelike gestremdheid by kinders sprake is. Die perd is, soos reeds aangetoon, simbool van die wilde, primitiewe drifte, waaronder ook die

seksuele drif, by die mens (Jung, 1966:170). Die Amerikaanse Saalperd, met sy gebreekte been, se naam is juis Loverboy. Die gegewe dat 'n perd met 'n gebreekte been by 'n skou aan mense getoon sal word, is heel onwerklik, en die verteller laat die leser visueel beleef dat die "pragtige hings op drie bene steier en met gevleuelde neusgate snork terwyl die optog nader kom" (p.107). Juis in die Bybelhoofstuk waar die profeet Jeremia profeteer teen die kinderoffers, lees 'n mens ook : "Hulle wag op vrede, maar daar is niks goeds nie....Van Dan af word die gesnuif van sy perde gehoor, vir die geluid van die gerunnik van sy perde bewe die hele land" (Jer.8:16).

Die steierende perd in Onse Hymie wat net so handel soos 'n dronk persoon, en die feit dat die Bybelprofesie oor kinderoffers ook verwys na die runnikende perd wat die land laat bewe, laat die vermoede net sterker posvat dat dit hier wel gaan om die geestelike nood van sorgbehoewende kinders. Met die perd as simbool word behoorlik afgereken want 'n kunsskepping met die perd as sentrale beeld disintegreer totaal tydens die aardbewing:

"...en 'n artistieke spuitfontein ontwerp deur die kunstenaar Michiel van Aarde-de Jongh, bestaande uit vurige perde wat water deur hulle neusgate spuit, verkrummel en land met 'n boog in die swembad" (p.93).

Uit die hele toneel waarby hierdie kinders betrokke is, spreek die innige deernis van die outeur vir hierdie kinders. Hy laat die verteller woorde gebruik soos: "Die verminktes doen ongelooflike kragtoere" (p. 106). Poppie se man se neef sê: "Kom ons juig vir die verminkte kinders. Hulle het goed." As die

balke in die Vleispaleis begin val, "aanvaar die kinders dit met gelatenheid gebore uit eie lyding." Die toneel word afgesluit met Johannes Garries se deernisvolle: "Ek het die grootste respek vir hulle" (p.107).

Daar is ook elders in die roman, Onse Hymie, 'n stelling waar kinders by implikasie betrek is. Die verteller dui aan: "In 'n Bybelensiklopedie vir die jeug verskyn die volgende gegewe: "Die Bybel noem ook aardbewings as een van die tekens van Christus se wederkoms ..." (p.85). Dit is ook insiggewend dat 'n baie nuwe uitgawe van die Bybelensiklopedie van die Jeug, wat in Europa uitgegee is, nie die gegewens bevat wat aangehaal is nie. Dit kom slegs in 'n ouer uitgawe van sodanige ensiklopedie voor. Met die oog op die hele idee van geestelike verlamming by die kinders, is dit net moontlik dat die implisiete outeur dit as 'n voorkomingsmaatreel sien dat kinders kennis insake aardbewings in Bybelse tye moet bekom.

Terwyl kinders nou aan die bod is, kan die ander twee groepe kinders, wat wel aktief met destruksie besig is, hier onder die loep geneem word. Eerstens is daar die kinders wat nog leer om destruksie te pleeg en Onse Hymie en Johannes Garries ontdek hulle ook op pad deur die Vleispaleis:

"Op pad na die swembad vind hulle kinders wat soos krokodille in die gang waggel onder toesig van 'n man in 'n groen uniform. Hy is 'n onderwyser wat die kinders geleer het om die luiperd-kruip uit te voer. So is hulle geleer met skynaanvalle by skole wanneer

weerbaarheid getoets word. 'n Aardbewing of 'n aanval deur terroriste? Wie kan sê? Intussen kruip die kinders giggelend voort; die spel van lewe en dood hou vir hulle geen teenstrydigheid in nie" (p.101).

In hierdie ligsinnige oefenry vir 'n gevaarsituasie, boots hulle krokodille na. Die simbool van die krokodil is, volgens Cirlot (1967:64), ook tweërlei:

"In the first place, because of its viciousness and destructive power, the crocodile came to signify fury and evil in Egyptian hieroglyphics. In the second place, since it inhabits a realm intermediate between earth and water, and is associated with mud and vegetation, it came to be thought of as an emblem of fecundity and power."

Hall (1974:55) noem weer dat die krokodil ooreenstem met die kaaïman: "A reptile resembling the crocodile found in tropical America, an attribute of America personified, one of the Four Parts of the World." Dit is heel funksioneel dat die perd met die gebreekte been juis 'n Amerikaanse saalperd is. Dit is asof die implisiete outeur die leser wil du na die besef dat, waar dit dan juis hier gaan om die beur van die drie kragte teen mekaar, die wit nar van kommunisme, die swart nar van die volkome beleving van simbole en die onbepaalde individuele vryheid, Amerika as die bakermat van die absolute vryheid van die individu aangewys word. (Ek verwys na afdeling 4.3 in die verband. clp.)

Die kinders wat soos krokodille rondkruip, voer speel-speel oorlog, maar die Swart kinders word al spelende die see waarin Onse Hymie verswelg:

"En toe sien Onse Hymie vir die eerste keer hoe sy kombi omring word deur 'n see van Swart kinders. Hulle vorm golwe wat die kombi heen en weer ruk. Hy sien net vrolike gesiggies wat hom toeroep: 'Hi, Whitey!' ... Die kinders se getalle groei aan en aan. Die kombi dobber op 'n see. En toe gooi iemand 'n petrolbom en die kombi gaan op in ligtelaaie, wat later 'n inferno word: 'n helle-brandspul" (p.126).

Dit is dus so dat kinders, ironies, in hierdie roman by uitstek die beeld word van diegene wat destruksie ondergaan en dan ook die finale destruksie in die roman veroorsaak.

4.1.2 Honger

Die aftakeling van die karakters in Onse Hymie word ook gemanifesteer in die hongerte wat gedurig onder die oog gebring word.

Die implisiete outeur plaas in Onse Hymie die Vleispaleis as 'n spa metafoories in ons midde: "'n kuuroord vir mense met 'n te groot omvang" (Kannemeyer, 1983:377). Enigeen wat al 'n dieet aangedurf het, het werklik simpatie met die "lighoofdige, honger gaste van die Vleispaleis" (Onse Hymie, p.53). En as die honger Johannes Garries al sy kos opeet tot

die laaste pit toe, word hy met argwaan bejeën deur die Bestuurder, Rigonelli:

"Die Bestuurder roep Hymie eenkant.
'Watch jou vriend, sê hy. 'Check alle moontlike hallusinasies'. Hy slaan sy hande oor sy oë.
'Rissiepitte, dennepitte en dadels. Christ!" (p.53).

Dat voedsel simboliese betekenis het, het lesers van die Leroux-romans reeds ontdek by die lees van Hilaria. Toe, in daardie roman, die groot fees aangebied word, is voedsel met Bybelse simboliek nie te kry nie:

"Mamma bel vir Johnny Doepels.
Broodskaarste. Hy weet. Wat kan sy doen? Dis onmoontlik om 'n volledige ete voor te sit. Die vis was vroeg al uitverkoop.

'Vrugte en wyn' sê Johnny Doepels.
'Ek kan geen appels te koop kry nie, sê Mamma.

'Enige ander soort vrugte.'
Skaapvleis is ook onbekombaar.'
(p.108)"

(My onderstreping - clp.)

Die voedselsimboliek van die appels - die liefdesvrug van Hooglied, die skaapvleis wat kan verwys na die Bybelse lam wat geslag is, die brood wat kan verwys na die Brood van die Lewe, en die vis, die vroeg-Christelike simbool van die Christelike kerk, word aangetref in die bostaande. Die voedselsoorte is hier egter afwesig. By implikasie kan dit 'n aanduiding wees dat die eindete van Hilaria leeg en sonder sin is. Johnny Doepels verwys ook na vrugte en wyn, en waar wyn die bekende

drank is by die nagmaalete, kan vrugte ook dui op die Bybelse vrugte van die Gees. In die lig van bostaande, is dit te verstaan dat honger ook geestelike honger kan beteken, en dat die gaste in die Vleispaleis van Onse Hymie dus nie net liggaamlik honger is nie, maar ook geestelik honger is. So dui die verteller dan aan dat die dieetdisse in die spa op borde aangebied word wat die vorm van die sodiak het. (p.53). *5. Die sodiak of diereriem het in die ou Babiloniese tyd ontstaan toe die diere wat aanbid is, 'n plek in die hemelruim verower het. "Deur die eeue, en veral in die Middeleeue is die twaalf tekens van die Diereriem ook met die twaalf apostels, twaalf profete en selfs die twaalf waarsegsters in verband gebring. Hierdeur het 'n merkwaardige mengsel van die oorspronklike Babiloniese astrologie en die latere Christendom ontstaan" (Ensiklopedie van die wêreld, 1972:422- deel 3).

Waar dit in die vorige paragraaf aangedui is dat Onse Hymie ook parallelle toon met die profesieë van Jeremia, verwys hierdie disse in die borde van die sodiak na Jeremia se profesieë teen sterrediens .

Die leser het ook begrip daarvoor dat die honger gaste van die Vleispaleis wegloop na die Restaurant Voortrekker waar hulle "meestal fish & chips, asook Russians" (p.60) eet.

*-----
*5. Bladsynommers verwys, tensy anders vermeld na Leroux, 1982, Onse Hymie.

Die simboliek van die skelm etes hang ten nouste saam met die simboliek waarop die hele roman gebaseer is. Kannemeyer (1983:377) wys daarop dat Leroux in Onse Hymie die beeld van die swart nar en die wit nar volledig uitwerk. Dit sal daarom die moeite loon om weer in hierdie verband na Leroux se stelling oor die narre te kyk:

"My grootste vrees is dat, in 'n nuwe, strak winterwêreld, die Wit Nar van neo-Marx, neo-Mao die toonbeeld sal word van 'n komende semi-mite; en dat die voorspelling uit die Ooste bewaarheid sal word dat die Westerse genie sal doodloop binne kringe van onbeperkte individuele vryheid.

Selfs op die gebied van die roman dan, my onbeholpe kreet in hierdie rasionele wildernis: lank lewe die Auguste in sy ondergrondse verset teen die valse oppervlak!

Lank lewe die rumoerige Swart Nar in die hart van alle skrywers" (Leroux, 1980:90).

Dit is dan duidelik dat die skrywer hier onderskei tussen die Marxisme aan die een kant en die Westerse leefwyse, waar onbeperkte vryheid geld, aan die ander kant. En dan verkies hy die wêreld van die Swart Nar, die nar wat gedurig in opstand kom teen valshede - dit is dan die wêreld van die lewende mite (of is dit moontlik die ware Christendom?).

Die fisieke honger van die gaste in die Vleispaleis stem dan ooreen met die geestelike

honger van die huidige Westerse samelewing, en die voedsel wat hulle skelm gaan koop, is fish & chips en Russians. Vis is deur die eeue simbool van die Christendom en Russians word letterlik vernoem na die Russe, die volk van die Kommunisme. Dit wil sê die honger gaste koop simboliese voedsel van die Christendom en die Kommunisme respektiewelik.

'n Kenmerk van ons samelewing is ook dat alle kwellings met pille gestuit kan word. Die dokter in die Vleispaleis verkoop aan Johannes Garries en Onse Hymie pille teen R50 per persoon. Hierdie pille is so 'n kwasi-Salusa 45-mengsel volgens aptekers. Dit is 'n mengsel wat met vitamines en kalmeermiddels die ewige jeug waarborg. Dit is net moontlik dat hierdie pilkombinasie die verwarring by Hymie laat ontstaan sodat hy aan die lokasiekinders dwelmpille in plaas van vitaminepille wil gee. Die fout is dan ook die oorsaak dat Samanda Salamander gearresteer word. By implikasie word die hele pil-kultuur van die moderne samelewing oopgevelek. (Kyk ook paragraaf 4.1.4).

In hierdie Spa, waar die gaste gedurig op dieet is, kom dokter Anton Ustinov nie alle reëls van die Vleispaleis na nie, en aan Onse Hymie en Johannes Garries gee hy "elkeen 'n warm Hot Dog uit sy kombuisie" (p.49). Waarom sou die Hot Dog, kitskos van die Westerse leefwyse, met hoofletters aangebied word, vra die leser van die roman. Ek dink aan die simboliek van die hond in Leroux se romans,

soos dit vroeër ontwikkel het (kyk 2.1.3) waar die hond ook verwys na die wolf. Die wolf weer is, aldus Malan (1978:113), simbool van "die sondes van towery, vervalsing en uiteindelijke verraad." En so, met die kitskos, Hot Dogs, wat die kitsaard van die Westerse samelewing aandui, word letterlik verraad gepleeg in die Vleispaleis.

Hymie is 'n karakter wat nie deur honger gepla word op sy omswerwinge nie. Sy eetondervidings lewer interessante gegewens op:

"Brekfis by enige Hotel is Hymie se voorland; trouens hy beskou homself as 'n kenner van die smaaknuanses in die reëlmaat van dieselfde disse. En sy ondervinding strek wyd: goeie eiers by De Aar, oneetbare 'haddock' in Phillipstown, die beste varkwors by Matjiesfontein (hy is nie kosjer nie), oneetbare boerewors by Hopetown, die beste pap in Calvinia, die beste vrugtesap in Jansenville" (p.22).

By die leser word hier die goeie en slegte dinge van die verlede opgeroep. In die konteks word hierbo na voedsel, wat ook simboliese betekenis kan hê, verwys. Tweedens is daar die willekeurige opnoem van plekname, geassosieer met goeie en slegte disse. Die name word dan nie net realisties nie maar kan ook magies-realisties gelees word as moontlikhede van goed/kwaad of positief/negatief wat deur die outeur geskep word. Noukeuriger ondersoek bring die volgende aan die lig: 'n eier is die bekende paassimbool van vrugbaarheid en ook onsterflikheid (De

Vries, 1976:158) en De Aar het sy naam te danke aan 'n sterk waterbron, wat die grond dus vrugbaar maak (Ensiklopedie van die wêreld, 1972:310 - deel 3). So klop die vrugbaarheid van die eier en die volop water en die kombinasie word deur die implisiete outeur aangedui as goed.

Haddock is natuurlik 'n rooierige vissoort - vis wat dus afwyk van die normale. En as die vis as Christelike simbool geïnterpreteer word, pas dit weer by Philipstown wat oorspronklik 'n N.G.-kerkdorp was (Ensiklopedie van die wêreld, 1976:226 - deel 8). Die afwykende rooi vis pas dus klaarblyklik nie by die kerkdorp nie, en is dus sleg. Dit is net moontlik dat die implisiete outeur ook die aarts-liberalis, dr. Philips, in gedagte gehad het by die skryf hiervan.

In Matjiesfontein se geskiedenis is onder andere die sogenaamde spoorwegskandaal van 1892 vervat. 'n Onreëlmatigheid het plaasgevind toe die destydse minister van spoorweë sy vriend, die Skot, James Douglas Logan, of die laird van Matjiesfontein, toegelaat het om maaltye aan die spoorweë te voorsien. Minister Sivewright het die ministerie van C.J. Rhodes laat skeur (Ensiklopedie van die wêreld, 1975:240 - deel 7). Aangesien varkwors nie Ou-Testamenties gesanksioneer is nie, lyk dit asof die implisiete outeur meen die onreëlmatigheid in Matjiesfontein se geskiedenis en die varkwors klop, en daarom is dit goed.

Hopetown is genoem na die Engelse majoor, W. Hope, en die diamant die Ster van Suid-Afrika is in Hopetown-distrik ontdek (Ensiklopedie van die wêreld, 1973:128 - deel 5). Die ontdekking het vir die Boere net probleme

opgelewer, en daarom is die Boerewors in daardie dorp sekerlik sleg.

Pap was op die trekpad 'n belangrike dis vir die Voortrekkers, en Calvinia is vernoem na Calvyn (Ensiklopedie van die wêreld, 1972:3 - deel 3). Die Voortrekkers, synde Calviniste en ook lief vir pap, laat dus die twee dinge klop, en daarom word die beste pap in Calvinia gekry.

Jansenville het ook ontstaan as kerkdorp en is vernoem na Janssens, die laaste Nederlandse Goewerneur van die Kaap (Ensiklopedie van die wêreld, 1973:364 - deel 5). Die naam Jansen is 'n afleiding van Johannes en beteken, soos in hoofstuk 5 aangetoon word, Die Here is genadig. Met die betekenis van die dorp se naam in gedagte, kan die leser ook die Christelike begrip van die vrugte van die gees soos verwoord in Efesiërs 5:9 oproep. Dit lyk dan asof die twee dinge, die kerkdorp en die vrugte van die gees klop, en daarom kry Hymie die beste vrugte in Jansenville.

Met verwysing na die pap van Calvinia, is dit ook insiggewend dat 'n derde van die plakkers wat saam met Hymie in sy kombi op pad is na B.F.W., die kombi verlaat, en dan, aldus die verteller, onder die doringbome pap van No. 1-mieliemeel maak (p.123). Hierdie plakkers wat saam met die kombi vertrek, het, wanneer hulle fabel van die roman losgemaak word, werklik 'n kleur van Islam:

"Net voordat Johannes Garries in klim, keer 'n Mohammedaan hom voor ... Die man val op sy knieë: 'Imam Abdullah Garries ... Ek het die Mahdi gesien. Ons is verlos. Seën my!' Hy druk nogmaals Johannes Garries se gebreekte duim tot op die

pols. Johannes Garries was op die punt om hom te donder toe 'n balk van 'n preeel op die kop van die misleide dissipel val. Dit was die laaste balk wat in die Vleispaleis geval het. ... Johannes klim in die kombi, gevolg deur sy gewonde dissipel" (p.114).

Dit is dus net moontlik dat die implisiete outeur met hierdie no. 1 mieliemeel kan verwys na die toenemende mate waarin Swart mense hulle tot die monoteïstiese Islamitiese godsdiens wend. Die Calvinis bely 'n drie-enige God, maar uit die Qur'an (p.73) verneem die leser: "Die Messias, Jesus, die seun van Maria, is slegs 'n boodskapper van Allah en van Sy woord wat hy as genadegawe van Hom aan Maria gegee het. Glo daarom in Allah en Sy boodskappers, En sê nie Drie-enige. Maar staak dit, dit is vir julle beter. Allah is 'n enkele God." En verder verneem die Qur'an-leser ook (p.83): "Voorwaar hulle wat sê Allah is die derde van die drie, is ongelowig. Daar is geen God nie behalwe een God. En as hulle nie hul beweringe staak nie, sal die ongelowiges smartlik gestraf word." In ooreenstemming hiermee word die misleide plakker deur 'n balk van 'n preeel getref. Gedagtig aan die woorde van Christus: "Ek is die ware wynstok", in Johannes 15, is die implikasie hier ingebou dat die misleide dissipel vanuit Christelike oogpunt reggehelp is in sy dwaling.

Dat die Bybel meespreek in Onse Hymie is reeds in die vorige paragraaf bewys. In Jeremia 8:14 staan: "want die Here laat ons omkom en Hy

laat ons gifwater drink omdat ons teen die Here gesondig het."

Hymie drink die "gif van die Karoo" op twee plekke in die roman. Eerstens drink hy dit in die hotel waar hy die hoteleienaar se vrou begeer, en dus sondig. Die volgende sin, waar die gif so tussen die kragwoorde staan, dui implisiet aan dat die kragwoorde "teen die Here sondig":

"'Wil jy gedonder word?' vra die Boer.

Hy drink die gif van die Karoo. Hy is baie die moer in en drink die koppie koffie gou leeg" (p.24).

En juis wanneer Onse Hymie die idees van die Kommuniste uiteensit en Johannes Garries Hymie as goed klassifiseer, word die koffie weer gif:

"'Kaptein is 'n goeie man'.

Hymie lig 'n koppie koffie, die gif van die Karoo by wyse van saluut, en hulle verlustig hulle in die panorama van tweesoortige botterblomme wat tot in die oneindigheid strek: geel en wit" (p.31).

So bring die implisiete outeur die gedagte tuis dat gif verband hou daarmee as die kommuniste as goed bestempel word, en so teen die Here gesondig word soos die Bybelvers, Jeremia 8:14, laat blyk.

Die skrywer slaag dan daarin om, met verwysing na honger, na smaaknuanses, na goeie en slegte voedselsoorte, die basiese idee van die roman naamlik dat drie kragte, die van die Christendom, die Kommuniste en die Westerse samelewing net sy oppervlakkige waardes en

kitsoplossings (byvoorbeeld volgens die oppervlakkige slagspreuke), teenmekaar aandu, verder te beklemtoon.

4.1.3 Beserings en kwale

Aftakeling in die roman, Onse Hymie, word ook gemanifesteer deur beserings wat die karakters tydens romangebeure op die lyf loop, of gebreke waarmee hulle in die roman aanland. So lees die leser vroeg:

"'Ek het 'n gebreekte neus,' sê Kaptein Hymie Zimmerman. 'Opgedoen toe ek kaptein van die tweede rugbyspan by Koekenaap was.'"(p.11).

Hierdie reukorgaan koppel, simbolies gesien, die mens aan die hemel, want volgens De Vries (1976:429) is reuk 'n brug na die hemel: "Smell - a bridge to heaven. The smell of sacrifices tickles Jahve's nostrils."

Daarmee dui die implisiete outeur die breuk tussen Hymie en sy Skepper aan. 'n Verdere aanduiding van hierdie breuk, is die gegewe dat Hymie sewe maal die naam van 'n Onsienlike of Mag aanroep. In volgorde roep Hymie na: Santa Maria (p.19), die Heilige Maagd van die Rooms Katolieke, Allah Mohammed (p.20), natuurlik die Een God van die Mohammedane, San Paolo (p.71), wat dui op die heilige Paulus, Kali, Kali (p.21) - 'n Hindoe-godheid - en Al Fatah (p.29), die rebelse afdeling van die Palestyne bevrydingsorganisasie. Die sesde aanroeping is Here (p.36). Hoewel Hymie vir Johannes Garries verseker dat die Here sy ware toevlug is, (p.28) roep Hymie oplaas vir Allah aan - die sewende keer (p.36) en omdat sy ware

toevlug verloën word, is Hymie se breuk met sy Skepper weer aangedui en sy grusame sterwe teen die einde gesanksioneer.

Hymie , die grapmaker, het 'n arsenaal grappies, maar oor beserings is daar ook so 'n grappie:

"Daar was 'n harde slag teen die swaaideur van die hoteleetskamer en 'n stewig-geboude Joodjie, met 'n gebreekte neus, hand teen die voorkop, steier die kamer binne. Almal word stil en wag vir bloed om te vloei as daardie hand van die voorkop weggeneem word - maar die hand word bloedloos verwyder en Hymie glimlag die gaste vrolik toe" (p.15).

Hymie wou dus die illusie van 'n besering op die plek, waar die derde oog gesetel is, skep. Soos reeds aangetoon, is die sogenaamde derde oog in die middel van die voorkop dan die oog wat die waarheid in die wêreld moet deurskou. In hierdie roman word die Ewigheid en Waarheid net dofweg gewaar agter die sluier van grappies.

'n Destruksietoneel wat sekerlik die ou waarheid: "Die pen is magtiger as die swaard" op 'n heel nuwe wyse aanbied, word gevind wanneer twee motorfietsgroepe mekaar takel. Die klein mannetjie met sy klein motorfietsie wat deur 'n lid van die Hell's Angels sowel as 'n lid van die Stormvalke geterroriseer word, veg op unieke wyse terug en terwyl hy dit doen, "skreeu hy die magiese woorde van

karate" (p.91). Brute krag word dus met intelligent toegepaste grepe en magiese woorde nutteloos gemaak. Die onkiese woord wat in hierdie toneel gebruik word, kan twee betekenis hê. "'Sy yster is klein,' sê 'n lid van die Hell's Angels. 'Sy piel is klein' "(p.91). Die woord piel kan 'n onomatopeïese verband hê met die naam van die vader van positiewe denke, Norman Vincent Peale, wie se stem ook in die Vleispaleis weerklink:

" 'A happy and a happy positive day to you,' kom die mikrofoonstem van dr. R.V. Peale Ustinov oor die luidsprekers. 'There is nothing wrong with you. Look at yourself in the mirror. Say to yourself: 'I am good!' I love you all. Julie N'Kosi and Agnes and I love you all. You are better than you think. Thinkwise you should believe in yourself'" (p.64).

Op die wyse kan 'n ooreenkoms aangetoon word tussen die wysede wat verkondig word deur die klein mannetjie met sy beperkte uitsig (p.91), en die wysede van Norman Vincent Peale. Die woord piel kan andersyds ook verwys na 'n ou gebruik in die klassieke teater:

"FALLUS: (Oud-GR.afb. v.d.) manlike genitalië as simbool van vrugbaarheid, gebruik in diens van Hermes en Dionysus. In die Oud-Griekse komedie wat spruit uit die Dionysusdiens, dra die spelers dikwels die fallus-simbool" (Ensiklopedie van die wêreld, 1973:92 - deel 4).

'n Gedagte ontstaan dan dat die mannetjie, as

prototipe van die skrywer, se optrede simboliese waarde het - want prototipe van die skrywer is die mannetjie wel: "... in die sin dat hy die universele self probeer nastreef" (p.90). "Hy het nooit besef dat hy daarvolgens as 'n weerbarstige, twissieke polemikus beskou sou word nie" (p.92). Met die onkiese woord wil die implisiete outeur beklemtoon dat die komedie in die roman nie te hoog aangeslaan moet word nie, maar dat dit juis die erns is wat belangrik is.

Anders as die klein mannetjie, gebruiker van magiese woorde, wat kleingeld maak van sy teenstanders, is daar 'n digteres in die Vleispaleis wat eksplisiet genoem word: "'n Ruit breek en sny 'n jong digteres van die Skrywersgilde liggies op haar wang" (p.89). Sy kom om as die balke begin val, en dan poneer die verteller die volgende stelling:

"Maar 'n balk val op haar kop en die gevaarlike digteres se nek word gebreek en sy oorleef nie die aardbewing nie. Mens kan dit alleen aan bespiegeling oorlaat of sy werklik daarna beter gedigte sou geskryf het. (Na die aardbewing is jare lank in letterkundige tydskrifte elke krieseltjie van haar woordwysheid saamgevat, ontleed, hersaamgestel, gedramatiseer vir TV, en oopgestel vir die Draculas wat teer op lewende dooies)" (p. 90).

Oënskynlik word die werk van lesers en letterkundiges met hierdie woorde van die verteller afgetakel. Tog dring die besef by die leser deur dat die mitiese vampier Dracula juis uit die lewensbloed van sy

slagoffers nuwe lewe vind, volgens die Ensiklopedie van die wêreld (1973:99-deel 10):

"Die Vampier is 'n dooie wat snags sy graf verlaat om homself te voed op die bloed van 'n lewende; die slagoffers word self ook vampiere. Die woord is moontlik van Turkse en Poolse oorsprong. Die eerste berigte oor Vampiere dateer uit die sewentiende eeu, maar verwante verskynsels kom reeds in die Griekse kultuur voor. Veral seksueel bepaalde fantasieë vorm die grondslag van die volksgeloof, maar ook die werklike optrede van patologiese karakters soos die Hongaarse gravin Elizabeth Bathory (17de eeu) en Vors Vlad V van Walachye (15de eeu) wat die naam dracul, Roemeens vir duiwel, ontvang het. Hy is die model vir die romanfiguur, Dracula, wat B. Stoker in 1897 geskep het en na wie se voorbeeld talle gewilde verhale en films ontstaan het."

Indien Dracula dan teer op die lewensbloed van sy slagoffers, kan die vergelyking getref word dat die leser/letterkundige geestelik verryk word deur die kuns van die digter/skrywer. Dikwels gebeur dit dan ook dat, soos die vampier se slagoffers self vampiere word, die letterkundiges ook skrywers word.

Die leser van Onse Hymie word egter ook gekonfronteer met ander liggaamlike letsels

van die romankarakters. Die leser verneem dat Onse Hymie se elmoë skurf is en die oorsaak is tweërlei: eerstens is dit die uiterlike teken van drankangejaagde jig, tweedens die gevolg van ongebreidelde seksuele praktyke (p.12). Met hierdie skurwe elmoë bestuur Hymie die kombi op die reis. Volgens die algemene simboliek simboliseer die arm reinheid: "Arms; a maidens upraised and sprouting bushes (laurel), Apollo; chastity" (Hall, J. 1974:32). Volgens Bybelse simboliek is die arm simbool van krag en beskerming. In die roman word dus aangetoon dat reinheid en beskerming aangetas word deur drankmisbruik en seksuele wanpraktyke. Wanneer Hymie die kombi met sy skurwe elmoë bestuur, fulmineer hy kommunisties oor die dekadente stelsel, terwyl die implisiete outeur dit ironiseer deur sy eie dekadensie aan die lig te bring met 'n verwysing na Hymie se skurwe elmoë:

" 'Jy is 'n slaaf van die dekadente stelsel,' sê Hymie en hy groet Swart en Bruin en Wit padwerkers vrolik terwyl die kombi stampend langs 'n verlegging ry waar die toekomstige teerpad met 'n macadam-boog oor obstruksies sal gaan. 'Hoe kan jy hierdie dekadente stelsel breek?' vra hy vir Johannes Garries.

'Ek weet nie, meneer,' sê Johannes Garries.

Hy ontvang gekerfde biltong van Hymie wat vryhand biltong kerf en die motor met sy elmoë bestuur.

'Mens kan dit alleen met geweld breek,' sê Hymie (p.28)."

'n Besering waarvan die leser drie maal verneem, en wat duidelik geïntegreer is wanneer die Garries-karakter as 'n positiewe pool van die roman beskou word, is die geval van die gebreekte duim.

"Net voordat Johannes Garries inklim, keer 'n Mohammedaan hom voor. Hy breek Johannes Garries se duim toe hy hom oorywerig groet en die duim tot op die pols druk ... Hy druk Johannes Garries se duim weer tot op die pols ... Hy druk nogmaals Johannes Garries se gebreekte duim tot op die pols" (p.114).

As Johannes Garries se duim nie teen hierdie tyd bebloed is vanweë die gekompliseerde breuk nie, sal dit nie pas in die kennis van 'n noodhelper nie. 'n Bebloede regterduim is egter simbool van die priester in die ou Testament, want die wyding van die priester het soos volg verloop:

Exodus 29:20: "Slag die ram en vat van sy bloed en smeer dit aan die regteroorlelle van Aaron en sy seuns, ook aan hulle regterduime en regtergroottone."

So gesien, beduie hierdie besering dat Johannes Garries iets priesterliks as karaktertrek het. In paragraaf 4.2.3 word meer aandag hieraan gewy.

Gebreke en beserings is ook die lot van diere in die roman. Die perd, Loverboy, met sy gebreekte been is reeds volledig bespreek in paragraaf 4.1.1.

Die Brahmaanbulle wat teen mekaar meeding by die skou, het ook eienaardige (en vir die roman funksionele) kwale, wat gebaseer is op die funksie van die bul as simbool in hierdie roman. Die bulle en Johannes Garries, hul oppasser, se doen en late is die positiewe simboolstruktuur in die roman.

Die bul is van vroeg af simbool van God: "Yahweh is nearest related to the Phoenician Astral Supreme Father deity, the bull-god El" (De Vries, Ad. 1974:125). Daarbenewens het die bul 'n belangrike rol gespeel tydens die wyding van die priesters in die Ou Testament:

"Jy moet vir Aäron en sy seuns soos volg wy: bring die bul tot voor die tent van ontmoeting. Dan moet Aäron en sy seuns hulle hande op die bul se kop sit" (Exodus 29:9-11).

Die naam 'Brahmaan' verwys onder andere na Indiese geestelikes, geleerdes en onderwysers:

"Hulle hoofsaak is die studie van die Veda en die beoefening van alle vakke wat daarmee en met die gesaghebbende oorlewering, veral insake offerwetenskap, verband hou. Slegs hulle mag offerplegtighede lei, sodat uit hulle die priesters voortkom" (Ensiklopedie van die wêreld, 1977:567 - deel 2).

Die bulle in Onse Hymie het weliswaar ook die name van berge, naamlik Kilimandjaro en Fujijama. Volgens die Ensiklopedie van die wêreld (1973:164 - deel 4) is Fujijama juis die heilige berg van Japan. Verder is die Christen ook gedurig bewus van die vertroostende Psalm 121: "Ek hef my oë op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom? ..."

In die roman Onse Hymie verwys die bulle dus na heilige dinge en word hulle ook simbool daarvan. Die bul, Fujijama, het egter twee kwale. Hy ly naamlik aan ingroeiende ooghare en onvrugbaarheid (p.24). *6.

Met ingroeiende ooghare, sou hierdie bul sekerlik blind wees, en dit is uiters funksioneel want die Brahmane is die Boeddhistiese ekwivalent van die Fariseërs: "Buddha calls the Brahmans, and Christ the Pharisees, 'blind leaders of the blind'" (Carus, P. 1897:180). Rigoristiese godsdiens is dan die doodsteek van geloofsbeleving - en implisiet word dit hier aangedui.

*6. By Boekenhoutfontein, die plaas van Paul Kruger, en deesdae 'n klipgoot geleë vanaf Sun City, vertel die kuratriese dat die kwaal waarmee Kruger so moeite gehad het in sy laaste lewensjare, en waarvoor hy die bekende oogarts by hom gehad het, ook ingroeiende ooghare was. Ingroeiende ooghare is dus 'n leierskwaal wat met die bul verbind word, maar so verbind die implisiete outeur ook 'n stukkie geskiedenis van die Afrikanervolk met 'n simbool in die roman. En, as die bul as onvrugbaar voorgestel word, wil die implisiete outeur moontlik daarop wys dat die tipe geloofskrag waaruit Kruger geleef het, besig is om te sterf in Afrikanergeledere.

Verkragting en moord is aan die orde van die dag in die roman. 'n Sekere Agnes N'kosi slaan 'n verkragter dood:

"Op die tafel lê 'n hamer waarmee dr. Ustinov die spykertjies in die mure vir die rame van sy pentekeninge slaan. Sy vat die hamer en slaan die kelner tussen sy oë" (p.104).

'n Kennis van Latyn en Zoeloe laat 'n mens vermoed dat die naam Agnes (vanaf agnus) N'kosi Lam van God kan beteken. Die hamer is simbolies gesien 'n variant van die kruissimbool:

"Because of its form the 2-headed hammer (like the 2-headed battle-axe, cross, sword, etc.) symbolizes the mt. of Mars and sacrificial inversion. 4. immortality" (De Vries, A. 1974:234).

En as 'n verkragter met 'n hamer doodgeslaan word, klop dit met die begrip dat die Lam van God die sonde oorwin het aan die Kruis. Die wrange kommentaar in hierdie roman op Agnes N'kosi se daad, is:

"'n Maand daarna is sy weens moord aangekla. Die aanklag is later gewysig tot strafbare manslag. Uiteindelik het sy 'n opgeskorte vonnis gekry, maar daar was nie meer plek vir haar in die Vleispaleis na die aardbewing nie" (p.104).

Daarmee het die implisiete outeur ook 'n oordeel uitgespreek oor die stand van die Christelike geloofsbeleving in die huidige samelewing.

Die roman is ook bevolk met defekte masjinerie. Die Mercedes-motor van Kilimandjaro se baas, begin op pad na hul plaas sluk (p.25). Die meganiese defek kan een van twee dinge sinjaleer: dit kan 'n protes wees teen verraad, die ou Mercedes moet plek maak vir 'n nuwe want in die garage staan 'n nuwe B M W. By implikasie is dit ook protes teen die materialisme van die huidige era in boeregeledere waar nuwe motors sommer sito-sito aangeskaf word. Maar die slukkende Mercedes sinjaleer ook 'n deurbraak van 'n nuwe houding teenoor Johannes Garries:

"'Ek verstout my ook om te sê dat anderskleuriges in die toekoms toegelaat sal word om skoue by te woon.'

Hy aarsel, en toe groet hy Johannes Garries met die hand...

Op pad na hulle plaas, Garrieshoop, eiendom van die familie vir drie geslagte, begin die Mercedes sluk..." (p.25).

Die komper gaan egter totaal ten gronde soos ook die kombi. Die dooie komper word heel menslik aangebied want die Ontvangdame "...het 'n kompergedeelte in haar arms en wieg dit soos 'n babatjie" (p.112). Wanneer die komper totaal vernietig is, lewer die verteller in die roman die volgende kommentaar: "Die dood van 'n mens is sieklik-soet in terme van stank. Die dood van 'n komper is vrank, skerp en bitter" (p.95). Bitterheid of 'n bitter geur het gepaard gegaan met die dood van die

Egiptenare se eersgeborenes in die Ou-testamentiese geskiedenis van Israel. Wanneer die leser dan die beeld van die komper as babatjie onthou, en daarby dink aan die hoë frekwensie Bybel-verwysings in die roman, is dit duidelik dat die komper by implikasie as die eersgeborene van die huidige tegnokratiese samelewing aangebied word. Die vernietiging van die kombi word volledig in afdeling 4.2.3 bespreek.

4.1.4 Bedwelming

"Ek is vanaand hoog dronk, mej. X. Ek het LSD, Purple Hearts, opium en doodgewone dagga gebruik" (Isis, p.139).

Dit is die versugting van die knolskrywer aan die einde van Isis Isis Isis. Dit is ook so dat bedwelming 'n gegewe is wat in die Leroux-romans meermale saamhang met die skrywerstaak en profetiese insig en daarmee vereenselwig word.

Die skrywerstaak en profetiese insig gaan ook saam met drankgebruik wanneer die knolskrywer sy skryfwerk aanpak in 18-44:

"Ek sit die verkyker neer, skink 'n whisky en soda, tel my pen op en begin repareer aan die verminkte gawe van God" (p.133).

In Magersfontein, o Magersfontein! is dronk Gert Garries se dronkenskap veral geaksentueer in die teenwoordigheid van die kruis, dood en liefde:

"Hy drink 'n stewige dop wyn terwyl hy na die kruise op die koppie van Magersfontein kyk en binne 'n paar

minute vind hy 'n oplossing vir sy probleem" (p. 22).

En verder:

"Nog 'n dop vir liefde en dood en die hele lewe word vir Gert Garries nie meer so 'n ontsaglike probleem nie" (p.22).

Wanneer Gert Garries in die ballon ten hemele styg, is dronkenskap ook aan die bod:

"Stoksielalleen kyk hy na die ballon wat nou die sterre tegemoetgaan. Hy voel dronk sonder dat hy 'n druppel drank oor sy lippe gehad het" (p.185).

Die kruis, hemelvaart en die "gawe van God" wat in hierdie tonele van drank en dronkenskap in Leroux se romans voorkom, laat die vermoede posvat dat dronkenskap in Bybelse sin ook ondersoek moet word as 'n roman van Leroux bestudeer word.

Die Bybelse simboliek van dronk wees het verskeie nuanses, en dit varieer van angs en oordeel na vervuld wees met die Heilige Gees. So lui Psalm 107:26:

"Die bemanning was radeloos van angs en het soos dronk mense gesteier en gewaggel."

Waar dit gaan oor oordeel oor die sonde, in Jeremia 51, lees ons:

"Vlug uit Babel uit, red julleself, moenie deur sy sonde omkom nie! Die tyd is daar dat die Here hom wreek dat Hy Babel sy verdiende loon laat kry. Babel was 'n goue beker in die hand van die Here, 'n beker wat die hele wêreld dronk laat word het."

Wanneer die Heilige Gees uitgestort word, het dit ook oënskynlik die uitwerking van bedwelming, want in Handeling 2:15 staan:

"Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. Nee hier gebeur wat God deur die profeteet Joël gesê het ... Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree."

En die profetiese taak word in die Bybel ook vergelyk met dronkenskap. Jeremia 23:9 lui: "Wat die profete betref - my hart is gebreek in my binneste, my hele gebeente sidder; ek is soos 'n dronk man en soos 'n man wat deur die wyn oorweldig is, vanweë die Here en sy heilige woorde."

Soos in die bostaande Bybeltekste is angs en 'n voorgevoel van oordeel ook emosies van die Stigter van die Vleispaleis. In die Spa, waar drank verbied is, is die Nar dan ook die enigste dronk inwoner. Dit is juis tydens sy dronkenskap wat gevoelens van angs hom oorweldig. Die volgende gegewens word in Onse Hymie aan die Nar gekoppel:

"Op pad na sy bed toe vind Onse Hymie die Swart Nar, die Stigter, Boris Muslovitch in nuwe gedaante. Hy het wikkelpene vanweë dronkenskap ... Die Swart Nar droom vir die eerste keer oor Satanisme."(p.62).

Nou is die Stigter ten volle die swart Nar:

"Op daardie oomblik kom die Stigter die kamer binne. Hy is nie meer die Wit Nar nie; hy het hom swart gesmeer en is in vodde geklee.

'Ek is Auguste,' sê hy, 'Ek is swarter as die man van Groenland, Johannes Garries,' sê hy trots... 'Ek kon net 'n rukkie slaap,' sê die Swart Nar. 'Maar 'n ontsettende voorgevoel van 'n komende ramp het my wakker gemaak'". (p.66).

En tydens hierdie toneel, wanneer Boris Muslovitch 'n Swart Nar is, praat hy oor die goue kandelabrum, wat "'n sigbeeld van die Shekinah of die Metatron is". Hy noem dit ook "psigiese dinamiet" (p.67).

In hierdie toneel blyk dit dus dat profetiese eienskappe deur die Nar kan aangedui word, en dat hy self profetiese eienskappe besit. Die letterlike dronk Stigter word dus nou, op grond van samehangende gegewens soos die Shekinah-simbool, sy "ontsettende voorgevoel" en woordgebruik soos "psigiese dinamiet" met die individuasieproses getransformeer na profeet in Bybelse sin.

Daar is nog 'n aspek van die dronk Nar wat vermelding verdien, en dit is die volgende direkte verwysing na die literatuur oor die nar:

"Terwyl almal op die herverskyning van Garries van Groenland wag, vra die Wit Nar vir Onse Hymie: "Mag ek nou wysheid verkondig?"

"Ja," sê Onse Hymie.

"Ken u die proefskrif van mejuffrou Sigrun Rosemarie Gottwald, Universiteit van die Witwatersrand, 'Der mutige Narr'?" (p.57)

Daar bestaan wel so 'n proefskrif van dr.

Gottwald en sy onderskei juis tussen vyf soorte Narre in Dürrenmatt se werke naamlik die waansinnige nar, die dom nar, die religieuse nar, die idealistiese nar en die moedige nar:

"Der 'mutige Narr' ist ein Mensch, der sich im Gegensatz zum religiösen Narren - nicht von der bedrohlichen Wirklichkeit abwendet, in der Hoffnung dermaleinst im Jenseits eine bessere zu finden; der auch nicht in blindem Eifer und verstiegenem Optimismus, wie ihn die idealistischen Narren an den Tag legen, die Welt grundlegend zu verändern bemüht ist; er ist viel mehr einer, der die Erde liebt, der Welt der Menschen jedoch zu misstrauen gelernt hat" (Gottwald, S. 1979:93).

In sy opsomming oor die proefskrif, wyk die Swart Nar ook nie van die strekking van dr. Gottwald se bevindings af nie:

"'In 'n kort beskrywing van haar tesis word gesê dat die doel van haar navorsing is om te bewys dat in F. Dürrenmatt se werke die stryd van die moedige enkeling en die nar eenders is. Maar sy sien die nar nie in terme van die sirkus as slegs harlekyn en hanswors nie. Hy is die edele dwaas wat dit durf waag om sy medemens strafloos te kritiseer omdat hy 'n gek is. Terselfdertyd is hy 'n buitestaander en is sy protes van geen praktiese betekenis nie'" (p.58).

En so, as Swart Nar, kan die Stigter ook die

doen en late in die Vleispaleis straffeloos kritiseer en bespotlik maak:

"'Ons wil nie die klassifikasie op grond van velkleur bespotlik maak nie. Ek dink aan jou vriend van Groenland en ek stel skugter voor: 'Die Man van Groenland is liggroen'" (p.62).

Al is die Stigter as Swart Nar die enigste eksplisiete dronk karakter, wil dit nie sê dat die inwoners van die Vleispaleis aan geen bedwelming toegee nie. Daar word oneindig baie gerook in die Vleispaleis en die gegapste sigarette van dr. Ustinov blyk dagga te wees:

"Onse Hymie en Johannes Garries rook die gegapste sigarette van dr. Ustinov.

'Ek voel effens lighoofdig en laggerig, sê Onse Hymie.' Jy lyk soos 'n liggeraakte renoster. Jou neus word groter en groter ... Na 'n rukkie van waansin sê Onse Hymie: 'Ek dink ons het dagga gerook'" (p.64).

Waar die dronk nar verwys het na Dürrenmatt, is dit net moontlik dat hierdie toneeltjie verwys na Die renosters van Ionesco. Van daardie drama en veral die hoofkarakter, skryf Richard N. Coe (1971:5):

"(He) stands constantly dazed with wonder at the beauty and the evil, at the very fact of existence. On the other hand, the discovery that every phenomenon is totally unpredictable, and therefore totally surprising, means that there is no real distinction between the utterly fantastic and the unspeakably banal".

So gesien, verwys hierdie rokerie implisiet ook na die uiters banale en die wonderskone wat in hierdie roman, Onse Hymie ingeweef is.

Wat bedwelming in Onse Hymie betref, volstaan ek met die slotopmerking: Waar reële bedwelming 'n aftakelingsproses is, word hier dus in die roman klem gelê op bedwelming gepaard met angs en nagmerries. Die keersy van die procédé is ook teenwoordig. Bedwelming gaan ook gepaard met die profetiese insig, met die bekend wees met die Heilige Gees. Weer, eg Lerouxiaans, is daar keerkante van boos en goed in dieselfde ding.

4.1.5. Geestesgebreke

Pas na die verskyning van Onse Hymie, het G.H. Weideman (1983:7) reeds die sielkundige moment in hierdie roman raakgesien:

"... hy (Johannes) is veel eerder 'n afspieëling van Hymie se gewete, 'n gespreksgenoot wat die eensaamheid moet help verdryf, sy 'ander helfte' as skisofreen, soos wat dr. Ustinov later in die Vleispaleis diagnoseer".

Soos in vorige romans van Leroux is geestesgebreke ook hier aan die werk. Ek verwys net vlugtig weer na die knolskrywer se manies-depressiewe vrou in 18-44.

In Onse Hymie is sprake van twee psigiese letsels, naamlik skisofrenie en manies-depressiwiteit.

Nog voordat Ustinov Johannes Garries en Onse Hymie gesien het, maak hy al sy diagnose:

"'Meneer Garries en meneer Rabonowitz wag op u', sê die ontvangdame.

'n Krakerige gelag kom oor die luidspreker.

'Stuur die skisofreen vir my,' sê die stem (p.44).

Oor skisofrenie word gekyk na 'n stelling van 'n sielkundige:

"Schizophrenia literally means 'splitting of the mind' ... Schizophrenia is no rarity. It is the most common of all psychotic disorders, and it tends to be the most crippling" (Morgan & King, 1966:519).

Aangesien dit so 'n algemene kwelling is, is dit dus nie snaaks dat hierdie dokter met sy beperkte kennis van Sielkunde - "By wyse van 'n korrespondensiekursus is hy slegs Sielkunde Twee magtig" (p.44) - 'n verkeerde diagnose maak nie. Met die gedagte dat skisofrenie 'n "splitting of the mind" is, is dit dan moontlik om te verklaar dat Johannes Garries gebeeld word as die positiewe deel van Onse Hymie, sy "gewete".

Hymie verklaar self dat hy nie manies is nie:

"Ek is 'n terreur op die pad. Maar ek is nie manies nie. Ek is soos 'n skipper wat die see ken. Ek ken my pad net soos die skipper die golwe ken. Ek wil graag huis toe gaan. Ek wil nie doodgaan nie" (p. 28).

Die patos wat uit hierdie deeltjie spreek, word duidelik as 'n mens die Sielkunde nader roep oor die geestesiekte maniese-depressiwiteit:

"Perhaps the most common psychological explanation holds that

the basic disorder is depression and that mania is a reaction to the depressed state. The problem then, is to explain depression. According to one theory, depressed people are supposed to be very dependant upon some other person and to need the love of that person very much ... When the love is withdrawn the potentially depressed person first feels angry at the other person. Next he comes to feel that his anger itself is responsible for the fact that love was lost and he turns the anger inward upon himself, blaming himself, for the loss of love" (Morgan & King, 1966:517).

So gesien, blyk dit dat die maniese gemoedstoestand die keerkant van depressie is. As Hymie dan nie manies is nie, lyk dit asof hy wel depressief, sonder liefde kan wees. 'n Depressiewe atmosfeer heers in die hotel en van die depressie is Hymie die fokalisator:

"Die droefheid van 'n stil hotel.

Hymie dwaal deur leë sale en gange op soek na kamer 27" (p.17).

So word dit duidelik dat Hymie ly aan 'n algemene kwelling, want die populêre pers is hedendaags vol artikels oor Depressie - die siekte van ons tyd. Net soos liefdeloosheid in Onse Hymie fisiese aftakeling tot gevolg het (want dit is liefdeloos om egbreuk te probeer pleeg - kyk paragraaf 3.6), is Onse Hymie se geestestoestand ook die gevolg van 'n liefdelose maatskappy. En nog 'n waarheidsmoment wat uit Onse Hymie gehaal kan word, is dat liefdeloosheid altoos lei tot aftakeling - fisiek sowel as geestelik.

4.2 Destruksie in die romanruimte en werklikheidsituasies

Twee massiewe vernietigingsprosesse vind plaas in die roman, en dit is dan veral die romanruimte wat in die slag bly. 'n Aardbewing tref die Vleispaleis en die kombi word tot as verbrand. Laat ons dan nuuskierig hierdie vernietigingstonele betrag.

4.2.1. Die Vleispaleis

Die verteller in Onse Hymie laat verrys voor die geestesoog 'n kolossale Spa - 'n soort "High-Rustenburg" soos Kannemeyer (1983:377) dit noem. En al is die Vleispaleis 'n Spa, kom die dobbeloord naby Rustenburg immer in die gedagtes as hierdie nuwe mikro-kosmos van Leroux deurskou word. Want mikro-kosmos is die Vleispaleis wel. Die moderne stad, die ou beskawings, en die Middeleeue skemer deur in die woorde van die verteller of die romankarakters:

" 'Kyk, Kaptein!' sê Johannes Garries vir Hymie R. 'Kyk daar!' en hy beduie met sy wysvinger na 'n metropolis wat soos 'n berg voor hulle op 'n bult in die vlakte van die Swart Karoo verrys.

'Here, sê Hymie, 'laas toe ek in hierdie kontrei was, was dit 'n soort Parthenon, iets soos die ruïnes van Vader Bacher se sterrewag-observatorium, regoor die Universiteit van Roma, Lesotho.' Hy

stop die kombi in die middel van die pad. 'Ek kan dit net nie glo nie'. Hy slaan sy hande op Moslemwyse tesame. 'Allah! Allemagtig!'

Johannes Garries en Hymie die Valk staan in die middel van die teerpad en kyk na die spa-drome van die stralerklik wat met behulp van die dienste van ingenieurs (biochemies, elektronies, siviel, meganies, en so meer) verwesenlik is" (p.36).

Die Florentynse lettertipe wat op die drukwerk van die Vleispaleis gebruik word (kyk p.44), bind die konstruksie aan die herlewing toe Florence 'n hoofkwartier van die Renaissance was, en die Vleispaleis se rococo-gewelf (p.61) dui aan dat klassieke kunsvorme nog hier te vind is. Die vermoede bestaan egter dat hierdie mikrokosmos, die Vleispaleis, ook iets veel meer banaal is - 'n slaghuis - want die Bestuurder van die Vleispaleis kan nie blitsig besluit oor die toetrede van Johannes Garries tot die Vleispaleis nie. Sy weifeling is baie aardsgeorieëter: "Hy kan Johannes Garries nie presies in die hiërargie van die vleis plaas nie" (p.38).

Die vermoede dat die Vleispaleis 'n slaghuis is, word versterk as Onse Hymie sy kennis aangaande die Domesday Book meedeel: "Het jy opgelet dat die Vleispaleis na dooie bloed ruik?" (p.118). Die Bestuurder se gedagtegang oor sy gaste - "die hiërargie van vleis" (p.38) - reduceer die inwoners tot vleis, maar die telefoongids van die Vaaldriehoek bevestig die vermoede. Die Vleis Paleis (sic!) is 'n slaghuis geleë in Vanderbijlpark. Met die naam van die Spa in Onse Hymie, die Vleispaleis, is die aftakeling van die gaste tot blote vleis

voltrek. En die klem op die bloot liggaamlike in die hedendaagse maatskappy, word met hierdie satiriese penstreep aan die kaak gestel. *7.

'n Aspek van die Vleispaleis wat saamhang met die profesie van Jeremia, wat reeds in paragraaf 4.1.1 bespreek is, is die feit dat hier letterlik met rioolsake omgegaan word. En synde prototipiese mikrokosmos van die laat twintigste-eeuse Westerse beskawing, is hierdie Vleispaleis ongelukkig presies wat die verteller daarvoor sê:

"In hierdie Vleispaleis word in elke gruwelike uitwerpsel gespesialiseer. Die eindpunt, die anus, is die kontrolepunt" (p.56).

En met satiriese noukeurigheid hardloop die romankarakters selde in hierdie Spa - hulle is

*7. 'n Woordvoerder van die Vleisraad het, terwyl ek op soek was na die slaghuis, die Vleispaleis, my meegedeel dat die Vleispaleis "naby Vereeniging" geleë is. Vereeniging wat vir die Afrikaner die plek van die vernederende vrede na die Engelse Oorlog aandui is die plek waar die Afrikanervolk absoluut afgetakel was, maar daar het hy ook opgestaan om die vrede aan te durf. By implikasie is die Afrikaner se geskiedenis ook in Die Vleispaleis ingebou. Dit word bevestig deur bevoemde geskiedkundige uitsprake wat Rigonelli die bestuurder, besig. In paragraaf 3.6 is hierdie saak breedvoerig behandel.

gedurig aan die hol. Byvoorbeeld, die kelner wat bang is dat hy sal doodgaan "... hol deur die gange op soek na dr. Ustinov" (p.103). En as die aardbewing toeslaan, beskryf die verteller die chaos in die Merlin-dansskool so:

"En toe val die balke. Die dansers hol vir die deure" (p.102). (My onderstreping - clp.).

Die Vleispaleis bly egter 'n formidabele konstruksie en die aardbewing skend dit net effens:

"Die Vleispaleis is stewig gebou en die kolossale konstruksie sal nie weens natuurmagte in duie stort nie" (p.89).

Die plastiek, die kenmerkende produk van ons era, bly ongeskonde. Miskien wil die implisiete outeur met die duursaamheid van die plastiek aandui dat hierdie eeu nie totaal en al sonder meriete is nie.

"In kamer 27 ervaar die gaste die tweede trilling, taamlik musikaal. 'n Ligte geruk, en porselein klater. Daar is 'n fenomeen van kandelare wat swaai, slinger, en bibber en sidder op 'n geringe trillingswydte. Glas breek in korreltjies; alle plastiek swaai doelloos heen en weer" (p.85).

Dan vind daar ook herstel en herlewing plaas, en die verteller wend skone taal aan om die gesig te beskryf wat die vlugtendes, Hymie-hulle, uit die kombi waarneem: "Agter hulle lumier die nuwe dag, maar dis nie 'n rooidag nie. Alle voorwerpe is lumineus: daar is 'n eienaardige wit gloed in die rotse. Die Vleispaleis kry in hulle oë die aansien van 'n

Gotiese konstruksie, daar is ook 'n luminessensie wat van die gebou self kom" (p.114).

4.2.2 Literêre aardbewing

Die destruksie wat die Vleispaleis tref, naamlik die aardbewing, word egter ook 'n werkwyse in die roman. 'n Bekende kulturele wêreld word uitmekaargehaal en met naamgewing hersaamgestel. Dit is 'n kaleidoskopiese werkwyse wat eie aan die kunstenaar is soos Elisabeth Eybers (1962:7) dit verwoord in:

PANTOGRAAF

"Hoe tyd sy roede oor my hou
bly ek nog wars van wat verward
en sinloos strengel, tuur ek nou
diep in die kykkas van my hart

verwonderd dat na elke hort
na elke nuwe skommeling,
die skone weer gerangskik word
binne hul ingeperkte kring:

deursigtig, wisselvallig, fyn
naïef en vereenvoudig soos
heraldiese embleme, klein,
kaleidoskopies eindeloos" (1962:7).

Hierdie werkwyse is egter onkontroleerbaar en die lesersrol word vergroot want die leser moet aan die nuwe werklikheid help skep. Hierdie werkwyse hou ook verband met die collage-tegniek (kyk paragraaf 3.1.3.).

Verskillende sake wat so deur middel van naamgewing byeengebring word, koppel dinge soos die letterkunde, skilderkuns, filmkuns, wetenskap en boerdery.

Een van Hymie se talle name is byvoorbeeld Hymie Rabinowitz, die naam van 'n bekende keramiëkkuntenaar. Ons verneem van Goue Vingers de Vries - moontlik 'n verwysing na skrywer Abraham H. de Vries. Maar Goue Vingers is in die roman 'n mynbouamptenaar (p.83). So verbind die implisiete outeur kuns en mynbou. Miemie Meintjies de Lange (p.83) is die naam van die wolboer se vrou, en die karakter dra swaar aan die verskillende kunsvorme wie se kunstenaars in die naam benoem is: Johannes Meintjies (skilder) Mimi - 'n foniese variant van Miemie - Coertze (sangeres), Hans de Lange (leier van 'n boere-orke). Die baie bekende romankarakter, Poppie Nongena (uit Die swerfjare van Poppie Nongena deur Elsa Joubert), word vernoem as nog 'n boer se vrou Poppie Lanserac (p.15) heet. Lanserac is weer die naam van 'n baie bekende wynsoort en die Lanseracs die eienaars van die wen-bul by die Brahmaan-afdeling van die skou in die roman. Op die wyse word boerdery en die kunste dus ook gekoppel. Prof. Van Rensburg in die roman is juis 'n kenner van veeteelt (p.14) maar in der waarheid kan dit 'n verwysing wees na prof. F.I.J. van Rensburg, 'n bekende letterkundige. En die prof. Wilde Van Niekerk (p.85) van die roman, kan moontlik verwys na die skrywer A.S. van Niekerk, wat die boek, Dominee, are you listening to the drums? geskryf het. Die "Wilde" kan ook 'n literêre verwysing na Oscar Wilde wees. Wanneer die leser van Onse Hymie Wilde van Niekerk se voorspelling van naderby beskou, word dit duidelik dat die strekking van die boek deur

A.S. van Niekerk moontlik 'n raakpunt kan wees, want Wilde van Niekerk se gedagtes gaan oor Russiese Marxisme:

"Maar Wilde van Niekerk het voorspel dat die grootste blommeprag in die geskiedenis van die Karoo en die Noordweste nog aan die kom is. Dit sal soortgelyke tonele dwarsdeur die wêreld oortref. Dit sal bewys dat hierdie onvoorspelbare land die mooiste land in die wêreld is. Hierdie land moet tot elke prys gered word van Russiese Marxisme" (p.117).

Alhoewel A.S. van Niekerk se boek, wat handel oor die swart bewussyn, raakpunte met Wilde van Niekerk se gedagtegang toon, kan die skrywer Dolf van Niekerk ook hier opgeroep wees.

Die enigste letterkundige wat sonder verdoeseling genoem word, is Sigrun Rosemarie Gottwald (p.57) wat die proefskrif Der mutige Narr geskryf het. Oor die proefskrif en die tema van Auguste, die swart Nar, is meer besonderhede in paragraaf 4.1.4.

'n Toneeltjie (p.67) word deur die verteller so aangebied:

"'O die winde!' sê die Stigter en hy poep en knars so ver as wat hy heen en weer stap terwyl hy die vraag oorweeg".

Dit lyk na 'n antwoord op dieselfde onhebbelikheid in André P. Brink se roman, 'Droë wit seisoen, wanneer prof. Flip Bruwer se koddige poepery so beskryf word: "Elke paragraaf, elke nuwe gedagte, benadruk of verseël hy met die laat van 'n wind" (p.154). Op die wyse word 'n banale toneel in 'n ander roman weer hier in Onse Hymie afgetakel.

Die toneeltjie in Onse Hymie waar Johannes Garries bespiegel oor die Karoo wat hy liefhet, toon 'n simpatieke kyk op aftakeling:

"Johannes Garries kyk na die Swart Karoo. Dis sy wêreld. Die ongenadiglike wildernis wat hy liefhet. Donkiekarretjies met 'n gedeelte van die familie op pad. Asook drie skape, 'n hoenderhok met twee hene en 'n haan op die flap van die karretjie. Hy het skielik sy armoede en die wildernis lief" (p.29).

Daar is heelwat ooreenkoms tussen hierdie toneel en die kortverhaal van Chris Barnard (1978:159), 'n Onverwagte nattigheidsjies. In daardie verhaal laat die verteller die volgende toneeltjie gestalte kry:

"Toe sien ek die donkiewa voor in die pad, swaar gelaai met alles en nog wat. Ses donkies trek. Voor sit 'n bruinvrou en haar opgeskote dogter. Langsaan stap haar man, 'n gryserige oubaas, swepie oor die skouer, blas en seningrig en regop, die hitte ten spyt, met 'n brakhond hygend by sy hakskene ... Maar die wa is met meer as net piekniekgoed gelaai. Dis 'n volledige trek, kompleet met tafels, beddens, stoele, kartondose, blikke en 'n sifdraadhok met hoenders wiegend onder aan die wabuik."

Dit is nie net die Suid-Afrikaanse kunstenaarswêreld wat met 'n flits hier en daar in die roman voor die gees geroep word nie. Ook die internasionale, en veral die Amerikaanse filmwêreld word dikwels in die

roman aangetref. Dr. Peter Ustinov, die romankarakter in Onse Hymie, is 'n naamgenoot van die bekende Peter Ustinov, 'n akteur van Russiese afkoms.

'n Naam wat ook Europese kunste verbind, is Samanda Salamander, Hymie se vriendin en ooggetuie van sy dood (p.128). Samanda se naam is fonies verwant aan die naam van die bekende aktrise, Samantha Egger en dan is daar 'n bekende Hollandse uitgewersreeks, genaamd Salamander. So word uiteenlopende kunste ook in 'n naam bymekaar uitgebring. Die laaste geval is egter onkontroleerbaar en 'n bewys dat dit hier net die lesersfantasie is wat ooreenkomste kan optower. So wonder die leser oor die ongewone vrouenaam Samanda. Dit kan beskou word as die samestelling van "sa" plus "amanda". En waar "sa" 'n aanhitsuwoord is en "amanda" 'n Latynse woord wat beteken "die (vroulike iets) wat moet bemin word", sou Samanda Salamander letterlik kan beteken: "toe, bemin die letterkunde!"

Die roman Onse Hymie kan dus ook beskou word as 'n roman oor kuns en by uitstek die kuns van die twintigste eeu wat die implisiete outeur met 'n kaleidoskopiese skud op 'n splinternuwe wyse herrangskik het.

'n Aardbewing ruk die Vleispaleis uitmekaar, en as daar rus kom, is dinge hersaamgestel. Daar is ook die verwysingsveld in die roman wat lyk asof dit deur die implisiete outeur uitmekaargeruk en op 'n nuwe wyse saamgestel is, so asof 'n kaleidoskoop geskud is om nuwe patrone te vorm van alle denkbare kunsvorme. 'n Literêre aardbewing is dus ook in Onse Hymie aan die werk.


4.2.3 Vernietiging van die kombi

Die onafwendbaarheid van die kombi se ondergang word intuïtief aan gevoel as sersant Oberholzer drie keer per radio laat weet: "Daar is 'n kombi op pad na B.F.W" (p.116). Waar B.F.W. ook deur die verteller in die roman aangedui word met die woorde: "Dis die Jerusalem van die Boere"(p.120), lyk dit tog asof hierdie eindtog van Hymie en sy mense 'n religieuse verband het. In Die Hervormer (moontlik is sersant Oberholzer se naam 'n verwysing na prof. Bart Oberholzer wat Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk van Afrika is) het 'n reeks artikels verskyn oor Kuyper en Hoedemaker en die pogings wat aangewend word om die kerkgroepe wat aanhangers van bogenoemde teoloë is, in Nederland te probeer versoen. 'n Sogenaamde "Kombi-sinode" is gehou en die slagspreuk tydens hierdie pogings was "Samen op Weg". (Dreyer, J. 1983:16). Dat die siening van Abraham Kuyper en sy volgelingen met die oop-kerk-gedagte en die siening van P.J. Hoedemaker en sy volgelingen met die volkskerkgedagte in die huidige Suid-Afrika sorg vir hewige botsings op sowel kerklike as politieke terrein, is algemene kennis. Bloot die woorde "kombi" en "op weg na" is maar yl getuigenis om die sienswyse te staaf dat Kuyper en Hoedemaker ook in Onse Hymie aan die bod kom, maar daar is tog 'n paragraaf wat hierdie vermoede bevestig.

Voordat dit aangesny word, is daar eers 'n stelling wat moet bewys word. Leroux se romans moet veral met die oog op vorm gelees

word, visueel, soos 'n mens 'n skildery bekyk. Leroux het self gesê: "Ek is visueel ingestel soos 'n kamera op die toneel. 'I am a movie'"(Botha, M.C. 1984:37). Op hierdie spoor wil ek aantoon hoe 'n teken of simbool in kleredrag afgelees word. In daardie ou roman van Leroux, Die mugu, sien die omgekeerde kruis, die heksepoot of vredesteke so daaruit:

"Bo-oor Gysbrecht getroon,
die Boss, met sy oë gerig
op die albatros, die twee
broekspye met 'n hoek na
die apex waar hulle
kulmineer in 'n gulp, die
gulp versier met twee goue
draadjies
vertikaal-parallel geryg
tot waar hulle verdwyn
onder die leerbaadjie, die
leerbaadjie vasgegespe met
ewe-blink ritssluiters tot
halfpad oor die geel hemp,
die geel hemp vasgeheg met
blink knopies van
perlemoen om vir die res
die haarlose bors te
ontbloot waaroor 'n ket-
tinkie heen en weer swaai"
(p.50).



Net soos die omgekeerde kruis in die eendstert se klere in Die mugu afgelees kan word, word die vorm van 'n vaatjie (kuip) gewaar in die figuur van Anton Rigonelli, en die implisiete outeur lê klem hierop, want om die vorm te handhaaf, word Rigonelli blou in die gesig:

"'Ek sien die Stigter van die Spa is 'n bietjie uitgelate vandag', sê 'n ander man, netjies geklee in 'n 'pin-stripe suit' ten spyte van die hitte van die Karoo. Sy maag is ingetrek, sy bors uitgestoot, sodat hy half blou in sy gesig is weens die spanning van liggaamsbeheer.

'Ek is die bestuurder van die grootste Spa in die Suidelike Halfrond', sê hy. 'Welkom!'" (p.37)

Verder lê die Verteller ook klem op die hoed waarmee die Stigter van die Spa die gaste begroet en fondse insamel:


"'Baie dankie, Stigter' sê die Bestuurder toe die Stigter met 'n jazzy strooihoed in sy hand en met 'n diepe buiging op 'n milde bydrae wag" (p.38).

'n Tweede keer het die Verteller dit weer oor die hoed:

"Die Bestuurder gee die Stigter 20 sent uit eie sak toe die Stigter weer met sy cheesecutter kom" (p.39).

Hierdie "cheesecutter", wel 'n bekende soort strooihoed, verwys ook letterlik na kaas, wat vir Afrikaners sinoniem met Hollanders is. Die Hollanders, Kuyper en Hoedemaker word by implikasie aangedui.

Daar is nog iets wat die vermoede versterk dat die kerk tog onder die oppervlak aangedui wil word:



"My naam is Rigonelli, ek is van Turyn, en ek is ook bereid om Fiat-motors te verkoop" (p.38).

Turyn is weliswaar die Italiaanse stad waar Fiat-motors vervaardig word, maar dit is ook 'n beroemde sentrum van die Katolieke Kerk. Dit is naamlik die stad waar die allerbelangrikste relik, die grafkleed van Christus, bewaar word (Heller, J. 1984:220). En les bes beteken die Latynse woord "fiat" "laat (iets) gemaak word". En waar "maak" deel uitmaak van Hoedemaker, kan dit moontlik wees dat "Fiat" hier in sy letterlike betekenis gelees moet word.

Dat hierdie kombi meer as 'n alledaagse kombi is, en wel 'n numineuse aura verkry, word duidelik as Hymie met die kombi spog:

"My kombi', sê Onse Hymie, 'het 'n bonokasenj. My kombi het ook 'n 4+E-ratkas'" (p.66).

Hier is die kruisteken eksplisiet, tipografies in die plusteken, aanwesig. Waar die kruis immer 'n potente simbool in die romans van Leroux is, moet dit ook hier so geïnterpreteer word. Aan die aanwesigheid van die kruissimbool in Onse Hymie word in paragraaf 5.1 aandag gegee.

Om die vraag wat die kombi na sy laaste bestemming dra, te ondersoek, laat ons eers die literêre verskynsel van magiese realisme ondersoek.

Volgens Daisne (1973:20) se uiteensetting van magiese realisme, word die woord realisme gebruik om die nadruk te lê op die realistiese element wat die magiese moet

aksentueer:

"Dat 'realistisch' werd er niet aan toegevoegd om te beduiden dat deze kunst steunt op de oude antinomie van Dichtung und Wahrheit, want dat zegt reeds het woord magie, maar om de nadruk te leggen op het element realistisch. De werkelijkheid zowel van de pool der droom als van de pool der realiteit, gedooft geen overlading, of de magie weigert" (Daisne, 1973:19).

Dan onderskei Daisne tussen die romantiese magiese realisme en die klassieke magiese realisme. Die klassieke magiese realisme steun op die begrip dat die pole van droom en werklikheid nie te hewig gemagnetiseer moet word nie:

"Het beklemtoont dus nog eens in het begrip magisch-realisme de hoofdterm realisme. Het werkt nog alleen met werklikheden, echte of verbeelde, en zoekt de magische vonk niet meer te verkrijgen door een spel van spanningen tussen Dichtung en Wahrheit, maar alleen door diverse werklikheden zo ... magisch mogelijk door elkaar en samen te voegen" (Daisne, 1973:19).

En op die spoor van die klassieke magiese realisme kan ons weer, volgens Daisne, soos 'n kind die wondere ervaar:

"Gelijk een kind ziet het weer in een elektrisch komfoortje een kroon van licht, een kruis van rozen; en in een goudgele patater de goede aarde..." (1973:20).

Dan kom Daisne tot die slotsom dat die illusie van die magie ons terugvoer na die bo-sintuiglike:

"Het klassiek magisch-realisme bring dus het illusionisme van het romantisch magisch-realisme tot een minimum terug, niet om de illusie te verminderen maar om de desillusie te ondervangen. De illusie der magie voert ons een ogenblik elders, uit het alledaagse terug naar het bovenzinnelijke" (1973:20).

Met die term magiese realisme in gedagte, sou die leser dus kan konkludeer dat Hymie se kombi bo-sintuiglike dinge dra, en op 'n bo-realistiese tog is. Die verteller noem die nuwe pad waarmee die kombi na die Vleispaleis ry met so 'n suggestieryke naam:

"...terwyl die kombi langs 'n verlegging ry waar die toekomstige teerpad met 'n macadam-boog oor obstruksies sal gaan" (p.28). (My onderstreping - clp.)

Die woord "macadam" verwys egter na teerpad:

"Macadampad is 'n pad met klipverharding genoem na die Skotse ingenieur John London McAdam ... Sy stelsel bestaan daaruit dat hy vir die hele verharding gebreekte klippe van ong. dies. grootte gebruik, saam met leemsand of asfalt, en meesal met 'n laag fyner gebreekte klippe bedek, of met 'n laag asfaltbeton" (Albertyn, C.F. 1975:81 - deel 7).

Die leser wonder dus of die toutologiese aanwending van "macadam-boog" en "teerpad" hierbo nie kan beduie na die letterlike

betekenis van "mac" (seun in Skots) en "Adam" dus "Seun van Adam"-boog nie, wat weer in die rigting wys van die Bybelse Seun van Adam, te wete Christus. So gesien pas die pad met die macadam-boog by die kombi met sy 4+E-ratkas.

Maar die kombi vervoer ook 'n magiese vrag na die Vleispaleis. Die oënskynlike platsak Hymie wonder of hy met sy goedere sou kon betaal vir verblyf in die Vleispaleis:

"'Dink jy hulle sal in goue dennebolle belangstel?'

'Ek betwyfel dit baie sterk, Kaptein.'

'Roomyshorings, plastiekemmers, 'freezer bags' en 'glad wraps?'"
(p.37)

Van hierdie goedere is dit veral dennebolle en "glad wraps" wat vonk met die magie van hierdie situasie. Tradisioneel is dit die denneboom wat as Kersboom diens doen, en dit is ook met die dennebolle wat Hymie vir sy verblyf in die Vleispaleis betaal:

"'Ons is bereid om vir ons verblyf te betaal', sê Onse Hymie.

Sy kyk kliphard na hulle uit die oog van die komper. Daar is metaal in haar oë.

Onse Hymie stuur die Luitenant na die kombi om 30 goue dennebolle te gaan haal. Johannes Garries bring 30 goue dennebolle.

'Ek aanvaar dit nie', sê die Ontvangdame.

Onse Hymie stuur die Luitenant weer eens terug na die kombi, en hy kom terug met 30 silwer dennebolle.

'Ek aanvaar dit, sê die

Ontvangdame. 'Gaan in vrede!'"
(p.100).

Ja, 30 silwer dennebolle - 30 silwerlinge. So flits die leser se gedagtes en die magies-realistiese vonk is daar. Met dertig silwerlinge is vir verraad teen Christus betaal. Met dertig silwer dennebolle is betaal vir verblyf in 'n plek waar Christus weer verraai word soos die toneel in die afdeling VLEISPALEIS 1 (d) aandui wanneer dr. Ustinov en Julie die middelpunt van belangstelling is:

"Hy pomp haar weer en sy sê Korinthiërs 13 uit haar kop uit op. Almal is onder die ban van die gevleuelde woorde, die wysheid in haar Cockney-Oostelike-Provinsiestemmetjie. Hulle dink dit is oorspronklik.

Almal klap hande.

Judy voel besonder gelukkig en daar is geen keer aan haar nie.

'Ek is ook 'n 'hooker for Jesus'. Ek pleeg vrye seks ter wille van Jesus'" (p.72).

Teenoor die aftakelende verraadgedagte met die 30 silwer dennebolle, groet die Ontvangdame van die Vleispaleis met die vredesgroet van Christus: "Gaan in vrede" soos dit o.a. in Markus 5:34 voorkom.

Hymie die smous smous ook met "glad wraps", vir die huisvrou 'n baie handige hulpmiddel in die kombuis, maar hoe sou dit voel om "bly toegedraai" te wees, so asof blydschap jou omhul soos die woord vir die plastiekomhulsels suggereer. Sou dit nie die gevoel wees van die baie skaars begenadigdes nie - diegene wie se lewe in genade van die Lam gehul is soos die wolklere later suggereer. Op die vlak van die

magiese realisme pas "glad wraps" net reg in hierdie kombi op pad na die (nuwe?) Jerusalem van die Boere.

Net voordat Hymie sy bestemming bereik, vind die polisie die volgende in die kombi:

"Drie pakke mansklere. Millerlampe.
'n Karton vol pille. Goue dennebolle en silwer dennebolle. Plastieksakke en roomyshorings ... Die konstabel sien die antieke gewere" (p.115).

Die drie pakke klere wat vroeër deur die verteller in meer besonderhede beskryf is, is: "Van die beste wolstof, van die beste snit, van die beste snyersbedryf" (p.112).

Die simboliek van die lam, die woldraer, is vir die Christenleser oorbekend, en implisiet is daar ook iets van die lam in die kombi op sy laaste tog. Die Miller-lamp was 'n baie bekende gebruiksartikel in die vorige eeu, en daarmee saam kan 'n mens die Bybelse uitspraak onthou: "Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, en die Lam is sy lamp" (Openbaring 21:23).

Wanneer die wapentransaksie beklink word, het die Stigter dit oor Kabbalisme:

"Volgens Knorr von Rosenroth ('Kabbala denudata') is die goue candelabrum (voetnoot Aurora Consurgens, Thomas Aquinas) Kabbalisties 'n sigbeeld van die Shekinah of die Metatron.'

'Ek dink jy is 'n knol,'sê Onse Hymie

'Daar is 'n kerssterkte wat nie te onderskat is nie, sê die Nar. 'Dis psigiese dinamiet.'

'Verkoop jy wapens?' vra Onse Hymie

'Ja', sê die Stigter" (p.67).

"Kerssterkte" is 'n woord wat in teksverband uitwys na sowel die "goue candelabrum" as "psigiese dinamiet". Dit sou dus loon om die Bybelse wapenmetafoor by te dink in hierdie verband:

"Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee ... Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak van God as borsharnas, en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God" (Efesiërs 6:11-17).

Die Stigter en sy wapens word nie in die brand vernietig nie, maar: "Die Stigter staan allenig eenkant met sy antieke gewere. Hy word nie gearresteer nie en hy voel volkome verlore" (p.128).

Net soos in die geval van die kommentaar oor Agnes N'Kosi vir wie daar nie meer plek in die Vleispaleis was nie (paragraaf 4.1.3), is hierdie kommentaar ook wrang in verband met die Christelike wapentuig waaraan niemand hulle meer steur in die huidige maatskappy nie.

Daar is al gewys op die feit dat, in die Welgevonden-siklus, die klem op die priesterlike ruimte, die Huis van Levi, val. In die knolskrywer-trilogie, weer, val die klem op die profetiese ruimte, Breidablick, en

in die siklus, beginnende by Magersfontein, o Magersfontein! het die romanruimtes koninklike name: Crown Hotel en Die Vleispaleis. (Kyk hoofstuk 2). Daar is ook 'n stelling te maak dat die laaste drie insittendes van die kombi priesterlike, profetiese en koninklike karaktertrekke of name het. Die lid van die driemanskap wat die meeste na 'n priester lyk, is Johannes Garries. Johannes Garries se gebreekte duim, wat hom merk as gewyde priester is reeds bespreek in paragraaf 4.1.3. Daar spreek ook priesterlike deernis uit Johannes Garries se siening van die verminkte kinders as hy sê: "Ek het die grootste respek vir hulle" (p.107).

Die klem wat op Johannes Garries se aan- en uittrekkery gelê word tydens sy ontmoeting met Onse Hymie, toon veel ooreenkoms met die priesterlike kleredrag. Opsommenderwys word die ooreenkomste getabelleer:

EXODUS 29: 5-9

ONSE HYMIE. (p.17-21)

"Vat die klere en trek vir Aäron die priesterklere, die skouerkleed, die mantel (a) wat saam met die skouerkleed gedra word, en die borssak aan. Maak die skouerkleed vas met die gordel. Bind die tulband (b) om sy kop en sit die gewyde priesterkroon op die tulband (b). Vat die olie en salf

"Hy trek hom warm (a) aan, vou die serp (c) om sy nek, en sit sy pet (b) op terwyl Hymie gefassineerd na hom kyk...Johannes Garries is 'n man van vrede (d). Hy is gelukkig(d) op Poppie se man se plaas. Hy het die Brahmaan=stoetery lief...Johannes Garries dink diep na (d), en dan haal hy sy pet (b) af

EXODUS 29: 5-9

ONSE HYMIE (p.17-21)

hom deur dit op sy kop uit te giet. Net so moet jy sy seuns laat nader kom en vir hulle ook priesterklere laat aantrek. Bind die serpe(c) om Aäron en sy seuns en bind die kopdoeke vir hulle vas. Die priester=skap (d) moet vir hulle 'n blywende amp wees.

en begin uittrek. Halfpad onderbreek hy sy ontkleding. 'Kap= tein is nie miskien 'n moffie nie?' (d) ...Johannes Garries het nou 'n serp (c) om sy nek, want dit is koelerig buite.

Die stigter as profetiese karakter is reeds bespreek in paragraaf 4.1.4, en daarmee word volstaan.

Dit is veral die titels waarmee Onse Hymie aangespreek word en waarmee hy homself voorstel, wat koninklik aandoen. Eers moet 'n dogmatiese stelling van 'n bekende teoloog ondersoek word oor die ampte van die gelowige:

"Het schema der drie ambten biedt het grote voordeel, dat ge hier voortdurend tegen dit gevaar van eenzijdigheid wordt gewaarskuwd. Het schema wil juist inscherpen. Hij is niet alleen Profheet, niet alleen Priester, niet alleen Koning. Hij is de Christus, de volle Christus, door het alle drie te zijn: Profheet, Priester, Koning.

D. Dit schema heeft een eerbiedwaardige tradisie. De eerste spore erva vindende by Justinus Martyr (100 - 165) en by Eusebius (260 - 340). Thomas van Aquino (1225 - 1274) kent Christus als Wetgever (merkwaardig!). Luther en Melancton hebben het schema niet gebruik. Het is echter Calvin gewest die voor dit schema in de dogmatiek burgerrecht heeft verworven "(Van Niftrik, G.C. 1961:236).

Dus, Thomas van Aquino, wat ook in Onse Hymie aangehaal word (p.67) beskou die wetgewer as die derde lid van die drie. 'n Wetgewer in ons maatskappy, sou titels kon hê, waaronder kaptein wel een kan wees. Maar in Hymie word die titel, kaptein, verlaag na die vlak van tweederangse sport. :

"Ter wille van die omstanders, glasies in die hand, gemoedelik na die Saterdagse ete by die tweesterhotel, verduidelik hy dat hy in sy jeug kaptein van 'n tweede rugbyspan was. Daarom het hy die reg om die titel te behou. Hoekom nie? 'n Kaptein is 'n Kaptein" (p.9).

Aldus travesteer die verteller die amp van die gelowige in die roman. Wanneer die plakkers Onse Hymie vir oulaas groet, gebruik hulle egter die titel wat Swartmense oor die algemeen vir koninklikes gebruik, 'n ware koninklike titel en Christus se seën is dus die afskeidsgroet aan Hymie:

"Voordat Onse Hymie vertrek, kom die leier na hom toe. 'Morena' sê hy, 'Gaan in vrede' " (p.123).

Daar is hulle dus eindelijk op pad. By

implikasie is hulle Profeet, Priester en Koning op pad na Jerusalem:

"Ons is nou drie" (p.125),

en

"Dis die Jerusalem van die Boere"

(p.120).

Die eindtog na die Nuwe Jerusalem is 'n eindtog wat vir elke gelowige 'n lewenswerklikheid is. En nou is dit ook duidelik waarom hierdie roman se naam Onse Hymie is. Hymie kan in Joods getranskribeer word as "hajjim" en dit beteken "lewe". (Davidson,,B. 1967:256). En dan gaan dit ook in die roman Onse Hymie oor ons lewe as gelowiges.

Hierdie kombi en Hymie raak aan die brand, maar net voor Hymie tot niet gaan, "...gooi iemand 'n blou tennisbal teen sy voorkop"(p.126). (My onderstreping - clp.). Die blou tennisbal tref vir Hymie waar die derde oog gesetel behoort te wees, maar die letter T van tennisbal het ook simboliese betekenis:

"Het Tau-kruis. De gangbare naam is ontleend aan de griekse letter Tau; het heet ook wel crux commissa of Antoniuskruis. Naar alle waarschijnlijkheid is dit de kruisvorm, waaraan in oude tijden tot deze marteldood veroordeelden werden terechtgesteld: oude kerkvaders gaven aan deze vorm symbolisch, de voorkeur. Met ietwat gebogen uiteinden is het kenteken van de Orde der Antonieten; zij droegen dit teken, in blauw, op hun habijt"

(Smeding, S.S.1965:55). (My onder-
streping - clp.).

So gesien, blyk dit dus dat die dood van Hymie sinvol is, want hy kry 'n magiese kus teen sy voorkop voor die finale verbranding. En lank gelede reeds het die leser van die Leroux-romans geleer dat vuur reinigingsvermoë het: In Een vir Azazel verneem die leser van die wetsman, regter O'Hara: "En dan is daar nog die magiese purifikasievermoë van water ... Die Talmoad noem vars reënwater ... En vuur ... die brandende kandelaar ..." (p.71). Die brandende kandelaar word ook in Onse Hymie genoem as die goue kandelabrum (p.67). Nou lyk dit wel of hierdie brandende kombi nie die ondergang van 'n hopelose wêreld sinjaleer nie, maar die hoopvolle verbranding tot 'n nuwe lewe.

4.3 Aftakeling in die taal

In hierdie afdeling is daar drie gedagtes wat op die voorgrond tree. Eerstens wil ek aandui hoe destruksie in die roman, Onse Hymie, verwoord word. Tweedens word gekyk na die aftakeling van die taal self en derdens word die aandag gevestig op die chaos wat ontstaan juis as gevolg van taalverwarring.

4.3.1 Verwoording van destruksie

Die twee groot vernietigingsprosesse wat in die roman beskryf word, vind plaas wanneer 'n aardbewing die Vleispaleis laat wankel en wan-

neer die kombi tot as verbrand. Die hoogste frekwensie van vernietigingswoorde word by hierdie tonele aangetref. (In die onderstaande aanhaling word alle woorde onderstreep wat destruksie beeld - clp.)

As die aardbewing die Vleispaleis tref, is die skok eers liggies:

"In kamer 27 ervaar die gaste die tweede trilling, taamlik musikaal. 'n Ligte geruk, en porselein klater. Daar is 'n fenomeen van kandelare wat swaai, slinger, en bibber en sidder op 'n geringe trillingswydte. Glas breek in korreltjies; alle plastiek swaai doelloos heen en weer.

'n Punk-rockgroep wat ook in kamer 27 beland het, sing en speel hierdie ervaring op verskeie instrumente. Hulle improviseer die dodelike trilling met hulle instrumente en verdoof in die proses alle ligte, omdat hulle kragopname te veel vir die Vleispaleis is. Aldus word die Vleispaleis in donkerte gehul" (p.86).

Die beelding van vernietiging kom op verskeie wyses tot stand in bostaande. Daar is woorde soos trilling en klater wat die geraas tydens destruksie vergestalt. Die iteratiewe bibber en sidder sinjaleer iets wat op die punt is om te breek en korreltjies verwoord die verbrokkeling konkreet. In plastiek is metonimia aan die werk want die materiaal in plaas van die voorwerp word genoem, en dit is ook 'n procéd  van die implisiete outeur om aan aftakeling gestalte te gee. Dodelike trilling, verdoof en donkerte is woorde gelaai

met die suggestie van destruksie en doelloos is 'n woord wat geestelike aftakeling uitbeeld.

Die aardbewing wat die Vleispaleis tref, is regtig baie hewig, want die kwaaieste aardbewing wat nog gemeet is, het 8,9 op die Richterskaal gemeet (Holmes, A. 1972:901). Dit is nie veel meer as die 7,4-aardbewing by die Vleispaleis nie.

"En toe ruk die Vleispaleis teen 7,4 op die Richterskaal.

'n Afgetrede majoor van die Weermag bel kamer 27.

Daar is geen antwoord nie.

En toe val 'n balk op sy kop" (p.89).

Verder verneem die leser ook van die lot van die digteres: "'n Ruit breek en sny 'n jong digteres van die Skrywersgilde liggies op haar wang..." dan sterf die digteres grusaam..."Maar 'n balk val op haar kop en die gevaarlike digteres se nek word gebreek en sy oorleef nie die aardbewing nie" (p.90).

Woorde wat duidelik destruksie uitbeeld, is ruk en val, maar afgetrede suggereer aftakeling van die karakter - die majoor. Die blote afsonderlike noem van balk en ruit illustreer die verval. Op dieselfde wyse word verval vergestalt as ledemate afsonderlik genoem word soos kop (2 maal) wang en nek. Woorde soos breek, sny, val, gebreek, gevaarlike, oorleef nie, en aardbewing is almal woorde in die geweldsidioom en suggereer destruksie en dood.

Wanneer die plakkers van Crossroads stil bid in die Vleispaleis, word die stilte ru verstoort en die destruksie van die stilte word woordryk gebeeld:

"Maar toe besluit die lede van die Hell's Angels om te gaan. Hulle skop hulle ysters aan die brand en ry goedsmoeds deur die biddendes met 'n gesketter van masjienklanke en die gebrul van uitlaatpype wat gesigte verskroei en enkele ledemate breek. Hulle donder die gange af, ruk en pluk en worstel en woel die trappe af tot op die balkon bokant die binnenshuise swembad, wat nou 70 grade Celsius bereik het. Hulle skop hulle remme vas, maar dit is te laat en hulle breek die tralies wat die gaste teen vertigo beskerm en hulle boog deur die lug binne-in die swembad, wat op 'n onverklaarbare wyse 'n temperatuur van 80 grade Celsius bereik het. 'n Lid van die Stormvalke het sy motorfiets betyds breedsy gekeer en daarmee sy fiets gered. Maar die momentum het hom sonder sy fiets in die kokende water laat beland" (p. 97).

Woorde soos skop, breek, donder, ruk, pluk, worstel, woel het destruksie in die woordbetekenis ingebou, maar die kort vokale van ruk en pluk en die w-klank van worstel en woel bevestig klankryk die beelding van destruksie. Die iteratief gesketter vergestalt die vernietiging van die stilte onomatopeïes. Woorde soos uitlaatpype, gesigte, ledemate, gang en trappe is weer eens woorde wat slegs die gedeelte van 'n geheel noem, en dit is in

sigself aftakeling.

Nou begin die gaste van die Vleispaleis vlug en paniek is duidelik uit die verteller se woorde - dis 'n paniek wat destruktief is en in woorde soos golf, bars, krag, val en druk word die aftakeling wat deur die paniek veroorsaak word, uitgebeeld. Die woord gleuf dui ook die aanvang van hierdie hewige destruksie aan.

"Die noodtrappe word nou voller en voller van vlugtende inwoners. Dis soos 'n golf wat deur 'n gleuf in 'n rots bars en sy krag menigvuldig verdubbel. Maar, soos dit met golwe gaan, begin dit gering, en dan kom die groot golf. Onse Hymie-hulle het die grondvloer bereik en het net betyds opsy gestaan toe die voorstes begin val weens die druk van agter" (p. 112).

Die vernietiging van die kombi word ook deur die verteller met sorg beskryf:

"Hulle ruk die kombi, lig die voorstewe toe Onse Hymie probeer wegom en die wiele draai nutteloos in die lug. Iemand gooi 'n klip en dit breek die agterste ruit. Nog 'n klip breek die ruit langs hom. En toe gooi iemand 'n blou tennisbal teen sy voorkop.

Die kinders se getalle groei aan en aan.

Die kombi dobber op 'n see.

En toe gooi iemand 'n petrolbom en

die kombi gaan op in ligtelaaie, wat later 'n inferno word: 'n helle-brandspul waaraan daar geen keer is nie" (p.126)

Die geweldsidioom word duidelik vergestalt in ruk, gooi, breek, petrolbom, ligtelaaie, en inferno. Die hel-metafoor, helle-brandspul, verwoord die felste van alle destruksie. Destruksie word ook aangedui as woorde soos wiele, voorkop, noodtrappe, grondvloer en voorstewe aangewend word, want hierdie woorde is slegs die gedeelte van 'n geheel, en dit is weer eens in sigself aftakeling. Die iteratief, dobber, sinjaleer die komende destruksie, en in nutteloos is figuurlike destruksie vergestalt.

Om die grusame einde van Hymie in die geheue in te brand, beskryf die verteller twee keer dieselfde gebeure en die woorde van geweld, vuur, vertering, vernietiging ondergang en brand wemel in hierdie paragraaf. Hymie word hier met 'n newenaam, Blits Gordon, genoem. As strokieskarakter word slegs die gedeelte van Hymie wat as kindervriend figureer, hier aangedui. In sigself is die noem van 'n gedeelte van 'n geheel reeds aangedui as 'n procédé van aftakeling. Ironies veroorsaak kinders Blits Gordon, wat hulle vriend is, se dood.

"Die kombi word met so 'n geweld heen en weer geruk dat dit omval. Iemand gooi 'n petrolbom. Die kombi slaan aan die brand. Terwyl die vlamme hom en die kombi verteer, wonder Blits Gordon: Wat het ek verkeerd gedoen? Hy skreeu vir die

kinders: "Julle ken my! Julle ken my!"

Die kinders kyk met sowel vrees as 'n mate van afsydigheid na die kombi waarin hulle vriend brand. Die eienares van die winkel, wat hom ken, raas met die kinders, maar sy kan niks doen nie. Daarna kyk sy ook gefassineerd na die brandspul.

Johannes Garries kom so na aan die kombi as wat hy kan.

Deur die vlamme sien hy sy vriend wat begin brand.

Hy hoor Onse Hymie se stem: 'Dit is seer en dit is fokken eensaam om dood te gaan, maar ek is bly om 'n vriend by my te hê wanneer ek doodgaan.'

Deur die vlamme sien Johannes Garries Onse Hymie wat nog nie dood is nie en nog kan praat. Die velle van sy gesig is al afgestroop in die verbranding.

'Waarnatoe gaan jy nou?' vra Onse Hymie.

Maar voordat Johannes Garries kan antwoord, word Onse Hymie 'n Frankenstein-monster: pikswart, grotesk en verkool" (p.130).

Benewens die hoë frekwensie brand- en vernietigingswoorde wat in bostaande aanhaling voorkom, is daar ook twee onbeantwoorde vrae van Hymie, naamlik: "Wat het ek verkeerd gedoen?" en "Waarnatoe gaan jy nou?". Die onvoltooide vrae suggereer ook aftakeling net soos die woorde vrees, afsydigheid, eensaam en dood geestelike aftakeling suggereer. Sowel geestelik as fisiek het volkome destruksie van

Hymie hier in die taal gestalte gekry.
Om inkantasiegewys hierdie verbranding te
besweer, is daar ook die derde beskrywing van
die brand, die amptelike POST MORTEM EN
VOORLOPIGE ONDERSOEK:

"H. Marinkowitz van onbekende adres is in 'n voertuig verbrand. Die omstandigheid van sy dood dui daarop dat dit gewelddadig plaasgevind het. Daar is getuienis dat die oorledene 'n smokkelaar van verdowningsmiddels was. Gerugte dat die oorledene 'n lid van die A.N.C. was, kan nie bevestig word nie. Selfmoord word uitgeskakel, aangesien 'n petrolbom die oorsaak van die ramp was. Daar is genoegsame bewyse dat 'n gas-silinder in die kombi nie die ontploffing veroorsaak het nie. Die kinders betrokke by die insident, waartydens die kombi hardhandig gehanteer is, het geen verband met die petrolbom wat gegooi is nie. Die vermoede bestaan dat buitestaanders (terroriste, smokkelbendes) miskien 'n aandeel gehad het in hierdie ramp.

Die saak word na die Prokureur-Generaal verwys" (p.131).

Ook hierdie amptelike verklaring bevat talle woorde in die gewelddadige, soos petrolbom, hardhandig, ramp, ontploffing en gewelddadig, wat die totale destruksie uitbeeld.

4.3.2 Aftakeling van die taal

Die ander aspek van taalaftakeling wat onder oë gebring moet word, is die gebruik van die kru, onbeskaafde woorde wat in Onse Hymie voorkom. Die gebruik van die soort woorde kan sekerlik bevraagteken word, en kan ook die kuns aantas en aftakel. En saam met die Stormvalk sê ek: "Ek haat vuil woorde" (p.91). Sodra die leser egter die woorde begin tel, en hulle posisie in die roman ondersoek, skemer dit deur dat hierdie woorde geïntegreer is in die boodskap van die roman. By die ondersoek van die kru woorde, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die woorde ingedeel kan word in drie groepe, naamlik rioolwoorde, seksuele woorde en destruksiewoorde. Die bygaande tabel werp lig hierop:

RIOOLWOORDE

	kak	stront	pis	mis	poep	
	p18	p32	p21	p21	p67	
	p52		p63	p63		
	p68					
	p120					
	p120					
	p124					
Totaal	6	1	2	2	1	Totaal 12

SEKSUELE WOORDE

	piel	pram	naai	
	p91	p107	p10	
		p107	p64	
		p107	p65	
		p108		
Totaal	1	4	3	8

DESTRUKSIEWOORDE

moer	donder	fok	
p21	p24	p23	
p74	p24	p27	
p71	p73	p67	
p119	p76	p84	
p119	p76	p87	
	p77	p87	
	p87	p130	
	p94		
	p96		
	p102		
	p104		
	p114		
Totaal	5	12	7
			Totaal
			24

In afdeling 4.1.1 is reeds 'n uiteensetting gegee daarvan hoe rioolwoorde in die roman saamhang met die Bybelprofesie waarop die roman gebaseer is. Let die leser op dat die ontlastingswoorde kak en stront saam sewe keer gebruik word, en die eufemistiese en ook meer poetiese vorm mis en pis (met die -is as rymklank) saamgegroepeer, die frekwensie nege keer maak, begin die vermoede posvat dat die implisiete outeur met die simboliese getalle sewe (die volmaakte getal) en nege (die vrugbaarheidsgetal) werk, en dus sinvol met hierdie woorde omgaan. Net soos die ou profeet Jeremia (volgens Jeremia 8:1) die beendere uitgesleep het om mis te word, laat die verteller dit wat in die maatskappy aftakelingswaardig is, hier mis word.

Wanneer Johannes Garries die rioolwoorde gebruik in verband met die bulle, gebruik hy

gewoonlik die poëtiese vorm, mis en pis (altoos saam gebruik). En waar die poësie by die rioolwoorde ingespan word, is daar dus nog 'n bewys dat Johannes Garries saam met sy bulle die positiewe pool van die roman is. Die woord stront word slegs een keer gebruik en wel in afdeling VI van die roman. Eerstens lees Onse Hymie voor uit pamflette en die voorlesings klink na kommunistiese propaganda. Johannes Garries is nie baie beïndruk met hierdie propaganda nie: "Poppie se man het my 'n bulkalf present gegee," sê Johannes Garries. Hy word vet op Genadendal" (p.32). Genadendal is natuurlik 'n sendingdorp vir Kleurlinge en die begrip genade is nou so bekend dat dit seker nie verdere bespreking regverdig nie. Gedagtig dan ook aan die hele positiewe geloofs simboliek van die bul as "nearest related to Jahweh" (De Vries, A. 1974:125) wat reeds in afdeling 4.1.4 bespreek is, sou ons kan sê dat die roman juis hier te doen het met die uitspraak van die outeur wat reeds 'n dekade voor die skryf van Onse Hymie die lig gesien het:

"My grootste vrees is dat, in 'n nuwe strak winterwêreld, die Wit Nar van neo-Marx, neo-Mao die toonbeeld sal word van 'n komende semi-mite; en dat die voorspelling uit die Ooste bewaarheid sal word dat die Westerse genie sal doodloop binne die kringe van onbeperkte individuele vryheid.

Selfs op die gebied van die roman dan, my onbeholpe kreet in hierdie rasionele wildernis: lank lewe die Auguste in sy ondergrondse verset teen die valse oppervlak!

Lank lewe die rumoerige Swart Nar in die hart van alle skrywers!" (1980:90).

Die kommunistiese uitsprake van Hymie in bostaande aanhaling dui dan op Leroux se siening van die Wit Nar van Neo-Marx en Neo-Mac. Hierteenoor dui Johannes Garries se uitsprake op Auguste, die Swart Nar, in sy verzet teen valsheid. As Hymie dan lakonies antwoord: "Ons praat albei stront, Johannes Garries" (p.32), skemer dit deur dat laasgenoemde, as die derde standpunt in Onse Hymie, ook verwys na die siening wat die implisiete skrywer huldig oor die onbeperkte individuele vryheid van die Westerse genie, en wat gebeeld word met rioolwoorde. Sulke rioolwoorde dui telkens aspekte van die samelewing aan wat rym met die moderne leefwyse, byvoorbeeld die groteske effek van die volgende as die kafee langs die pad beskryf word: "Die kos is kaksleg" (p.120). Die vermoede word versterk deur die stelling van die verteller oor die Vleispaleis: "In hierdie Vleispaleis word in elke gruwelike uitwerpsel gespesialiseer" (p.56).

Wanneer die Boerevolk en die magtige Engeland teen die einde van die vorige eeu, in 'n oorlog betrokke raak, is dit onder andere Leipoldt wat daarteen in opstand kom en met hese verontwaardiging digterlik verslag doen oor die oorlog. "Hoe suiwer staan hy hier voor ons met sy hese stem...." (Dekker, G. 1960:84). Etienne Leroux kom in opstand teen ons gematerialiseerde, hol, samelewing en met diarreale verontwaardiging doen hy romansgewys verslag daaroor.

Daar is drie seksuele woorde in die teks, waarvan die woord pram vier keer gebruik word, (weer in samehang met 'n Bybelse verwysing), die woord piel word een keer gebruik en die woord naai drie keer. As die uitdrukking: "draad trek" (p.12), vir 'n seksuele praktyk hierby getel word, word seksuele woorde nege (die vrugbaarheidsgetal) keer aangetref. Dit lyk weer asof met hierdie suggestieryke aantal kere wat die woorde gebruik word, iets meer onder die leser se aandag gebring wil word. In die roman is daar 'n toneeltjie wat lig werp hierop. Klinies word vertel:

"Dis 'n Hy en 'n Sy. Die aardbewing tref hulle; die Karoo bewe; hulle hol uitgelate die onbekende Karoo in. Hy is voor en sy is tweede. Wanneer hulle uitgeput agter 'n dolomiet-albaster neerslaan, rol hulle om en om totdat hy bo lê. Hy trek haar klinknaelbroek af terwyl die aarde ruk. Hy deurdring haar heiligdom terwyl die aarde ruk "(p.95).

So gesien is die seksuele onontwarbaar ineengestremtel met destruksie. Daarteenoor, waar seksuele altyd gepaard gaan met nuwe lewe, kan dit ook die teenpool van destruksie wees, en volgens die seksuele woorde wat in die roman gebruik word, dui dit op herlewing na destruksie, wat juis deur die woord naai veroorsaak is, soos dit reeds in paragraaf 3.6 aangedui is.

Destruksiewoorde het die hoogste frekwensie in die roman, soos dit in hierdie konteks ook

hoort, en die tabel bevestig die vermoede dat die woorde sinvol gebruik word. Donder - die mees algemene destruksiewoord, kom twaalf keer voor. Moer en fok (ook afleidings van die woord fok) kom gesamentlik ook twaalf keer voor. En met die Bybelse getal twaalf is hier ook uiting gegee aan gevoelens van destruksie wat die karakters beheers. Dit is ook so dat die woorde fok en moer iets gemeen het. Dit is beide woorde waarvan die semantiese lading na sowel die seksuele as na destruksie verwys. En die kru woorde is dus geïntegreer in die hele gedagte van aftakeling en herstel.

Die woord fok kom sewe keer voor - die magiese sewe keer - en waar dit in die roman voorkom, word dit meestal in die gewelddadige sin gebruik. Net een keer verwys Hymie ironies na die seksuele betekenis daarvan:

"Fok hulle nogmaals,' sê die Ontvangdame.

'Ek is bevrees dit is nie so maklik nie. Hulle is 'n groep van sewe en hulle is homoseksueel en ek is heteroseksueel' "(p.87).

Dan word die bywoord fokken twee keer gebruik in verband met doodgaan:

"Dit is fokken eensaam om dood te gaan", is die versugting van beide Johannes Garries en Onse Hymie (ppe. 67 en 130). Waar die roman ook 'n bespiegeling oor die dood en juis die eensaamheid van die dood is, is die woord fokken presies gebruik om die absolute destruksie en die absolute herlewing aan te dui.

Ek word uiteindelik, onder die besef van die samehang en betekenisrykdom daarvan, gedwing

om toe te gee dat die kru, onbeskaafde woorde in hierdie roman, wel konstruktief en sinvol gebruik is.

4.3.3 Taalverwarring en chaos

Taalverwarring en chaos word ook eksplisiet uitgebeeld as kamer 27 in die Vleispaleis voller en voller word van allerlei uiteenlopende soorte gaste. Die Ontvangdame, Brunhilde Jones, wat beweer dat sy volkome tweetalig is (p.77), sorg vir al die verwarring in kamer 27. Brunhilde keer al die syfers om as sy die komper gebruik om kamers aan die gaste uit te deel. Die verwarring word so uitgebeeld:

"'Hier is etniese chaos', sê die Ontvangdame...
'Bly kalm', sê die Bestuurder.
'Druk die knoppie genommer sewe en twintig op die komper.'
'O.K.', sê die Ontvangdame. 'Sewe twee.' Onmiddellik daarna skreeu sy:
'Die komper spoeg alles terug na kamer 27, want kamer 72 is propvol'"
(p.75).

En so satiries word die kommunikasiegaping tussen Engels- en Afrikaanssprekendes uitgebeeld. Dan wonder die leser of dit nie werklik so is dat volkereprobleme hier te lande onder andere geleë is in die feit dat Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners dieselfde begrippe net totaal verskillend formuleer nie? Met 'n satiriese penstreep lê die implisiete outeur 'n hele probleem in die Suid-Afrikaanse samelewing bloot.

HOOFSTUK VYF

DESTRUKSIE EN SAMEHANG

5.1 Destruksie en vernuwing

Die teenpool van destruksie en aftakeling wat so dikwels in Onse Hymie vergestalt word, is die heelmaak en die heropbou en dan veral die geestelike heelmaak en heropbou. Die teenpool van vernietiging word dus ook uit die roman afgelees. Met die een oog op die Bybel en die ander oog op Onse Hymie, kom verskeie geloofswaarhede na vore.

Die Garries-clan kom reeds 'n lang pad saam met Leroux in sy romans. In Isis Isis Isis dans die Garries-familie by die graf van die knolskrywer se doodgoeie oom:

"Dit was so snaaks daardie aand, want al die klokke van die lokasie begin lui en my onbelangrike oom was nie eens 'n vryheidsvegter, 'n aktivis, 'n Bolsjie, 'n liberalis of 'n progressief nie. Sondaars kom! Sondaars, kom! lui die klokke en Miedjie dans met Geel Piet Garries, dronk van soetwyn, al om die misvuur en huil koue trane oor die dood van my oom..."(p.100)

Die knolskrywer vereenselwig hom in dieselfde roman op die ou end met Piet Garries - "Ek is toevallig ook Kulman, die lykbesorger, Piet Garries,..."(p. 140).

En dan is daar die rumoerige, berugte romankarakter, Gert Garries van Magersfontein, o Magersfontein! in wie se doen en late 'n magdom inligting saamgetrek is wat vir die Christen-leser van belang is. Eerstens is daar die naam Garries. Dit is fonies verwant aan die Griekse woord, Χαρις, wat genade beteken volgens Kittel en Friedrich (1974:392). In Magersfontein, o Magersfontein! verneem ons vroeg reeds hoe in Griekse letters geswets word: "'Χαθ!' sê Aristophanes. 'Dis die hitte'" (p.12). Die aanvangsletters, Χα, van hierdie Griekse woord, roep Χαρις by die leser op en die letters kan as leidraad gesien word sodat die naam van Garries ontsluit kan word.

Benewens die rumoerigheid van die karakter Gert Garries, is daar ook die patos as hy met sy dooie baba heen-en-weer oor die halfwoestynvlaktes van die Noord-Kaap reis. So word die priesterlike handeling, die vergesél van die dooie, hier getravesteer. Die reis saam met die dooie baba laat die leser egter met deernis kyk na die karakter. Daar is ook die heel eienaardige wyse waarop Gert Garries sy dooie baba begrawe:

"Hy vorm 'n hopie en versier dit met die mooiste blomme"(p.41).

En verder laat groei die kunstenaar met die graaf die grafhoop:

"Dis nou dat Gert Garries, in die lig van die lantern en ook in die lig van die bliksemstrale, woedend en met 'n fanatiese oorgawe, die graf nie alleen toegooi nie, maar ook ten hemele laat rys. Amper so hoog soos die koppie van Magersfontein" (p.101).

Dis moontlik dat Gert Garries so net sy unieke kunstenaarskap wou bevestig, maar dit is ook moontlik dat Gert Garries se Scithiese verlede hier aan die deurbreek is:

"The Scythians buried their chiefs with enormous ceremony. They built funeral barrows called kurgans, which rise like hills from the steppes. The one at Alexandropol in the Ukraine,...is more than 100 yds across at the base and nearly 60 ft. high. The barrows contained heaps of treasure and sometimes the remains of wives and servants - strangled and buried alongside their master" (Michel,A.1981:230).

Die Sciths is nie vir die Bybelleser onbekend nie want Kolossense 3:9 - 12 maak van hulle melding:

"Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens bekleed het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper, waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Skith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal."

Volgens die Bybel met Verklarende Aantekeninge was die Skithe toonbeelde van algehele ongeletterdheid en die laagste trap van onbeskaafdheid.

Met die grafhoop word by implikasie bevestig wat die karakter, Gert Garries, ons al lankal geleer het: kru en onbeskaafd staan hy daar,

maar ook onder die liefde van Christus, 'n toonbeeld van die werking van genade.

In teenstelling met Gert Garries, is Johannes Garries die uiters netjiese karakter van Onse Hymie. Daar is reeds op die ooreenkomste gewys tussen Johannes se aan- en uittrekkery en die priesterlike kleding. Daar is ook reeds verwys na die gebreekte duim wat Johannes Garries op die lyf loop en hoe dit verwant is aan die priesterlike wyding (Paragraaf,4.1.3).

So gesien is Johannes Garries dan die priesterlike op pad na die eindbestemming met die kombi. Die naam Johannes beteken "Die Here is genadig" (C.F. Mijnhardt, 1956:611). Waar Garries reeds verwys na genade, sou Johannes Garries dan letterlik uitdrukking kon gee aan die Christelike begrip "Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang" (Joh.1:16).

Dat vorm visueel uit klere afgelees kan word, is reeds volledig aangedui in afdeling 4.2.3. Aan Johannes Garries se reisuitrusting word ook deur die verteller noukeurig aandag gegee, en omdat daar nie tydens die aardbewingnag in die Vleispaleis geslaap is nie, moet ons aanneem dat dit ook Johannes Garries se finale kleredrag is:

" 'Klim in , co-pilot,'
sê Hymie vir Johannes
Garries, wat intussen 'n
geringe verandering aan sy
ensemble aangebring het:
Skotse tweedbaadjie, bruin
broek, 'n swart hemp, en
'n polkadotstrikkie"
(p.27).



Visueel word in die kleredrag van Johannes Garries 'n kruisteken gesuggereer, enersyds in die Skotse tweed, want dit is algemeen bekend dat Skotse tweed 'n weefpatroon is waar kruis aan kruis geskakel word. Tweedens is die polkadotstrikkie die horisontale balkie in die vertikale Garries-figuur. Gedagtig aan die "polkadotstrikkie" kom 'n ou refrein uit Magersfontein, o Magersfontein! in die gedagte: As Gert Garries moord gepleeg het, rapporteer die alomteenwoordige verteller oor die mismoedige Gert Garries se gedagtes: "Hy ken sy eie mense vandag ook nie meer nie. Hol hasie, hol!" (p.100).

Dit sou moontlik verband kan hê met die roman van John Updike, Run Rabbit. Daarin vind 'n bespiegeling oor genade plaas, as die romankarakters, ds. Eccles en Harry Angstrom, oor die onverstaanbare begrip gesels. Retories vra ds. Eccles oor genade:

"What is it? What is it? Is it hard or soft, Harry? Is it blue? Is it red? Does it have polka dots?"
(Updike, J. 1966:108).

"Polka dots" is dus in die resente Amerikaanse roman 'n verwysing na genade, en weer bevestig dit die begrip wat aan Johannes Garries se naam gekoppel is.

Hierdie klere van Johannes Garries is so belangrik, dat daar presies aangedui word waar dit gekoop is:

"Die Bestuurder, Anton Rigonelli, beskou Johannes Garries en daar is onsekerheid in sy oë as hy Johannes Garries se ensemble waarneem: strikdas en die res van sy kleresamestelling uit John Orr's, Pick 'n Pay en Ah-Men"(p.38).

Met die magiese realisme aan die werk, vonk hier ook iets van ewigheidswaarde want in John Orr's is die woord "orr" onomatopeïes verwant aan "ore" (erts), en aangesien die winkel ook in Johannesburg aangetref word, is erts die woord wat daar altyd goud oproep. Die woord is ook verwant aan die Latynse "aura", wat wel goud beteken. "John" synde die Engelse Johannes, laat die vermoede posvat dat John Orr's hier letterlik "Goue Genade" kan beteken.

Ah-Men is fonies verwant aan die slotwoord van die gebed - Mag dit so wees. En is die begrip van uitverkiesing deur genade nie gekonkretiseer in die naam Pick 'n Pay nie - uitgesoek en voor betaal?

Die boodskap van hoop in die roman word sterk ondersteun deur die kruismotief. Ikonies-tipografies (wat beteken dat 'n teken op die bladsy semantiese waarde het) kom die kruis twee keer voor. Die X is enersyds 'n variant van die kruis en tweedens die monogram van Christus:

"By die eerste Karoo-dorpie, genaamd X, moet Hymie sy handelsware smous" (p. 33).



En trots beduie die smous ook:

" 'My kombi,...het 'n bonokasenjini. My kombi het ook 'n 4+E-ratkas"(p.66).



Dan, soos hierbo aangetoon, word die kruistekens ook in die kleredrag van Johannes Garries gewaar. Die teken van die kruis word dus drie keer gewaar in die roman, Onse Hymie. Die woord "cross" kom net in Engels voor en

wel sewe keer (die onderstreping van die woord is deurgaans deur my - clp.)- elke keer as die eerste deel van Crossroad, want dit is soos die plakkers se plek van herkoms deurentyd bekend is. Net op een plek word die woord in 'n ander verband gebruik:

1. "I find this cross-pollination of all cultures most refreshing in terms of the New World" (p.80).

In die afdeling Die Vleispaleis 1 (d) kom die woord "cross" nog twee keer, dus altesaam drie keer voor:

2. "Hulle noem hulleself verlore plakkers van Crossroads..." (p.79).

3. "'Het u al Kiewiet se verslag oor die dilemma van Crossroads gelees?'" (p. 79)

Hierdie verlore plakkers van Crossroads word ook toonbeeld van die Universele Christendom. Hulle bid stil:

4. "Die plakkers van Crossroads het op hulle knieë geval met sowel 'n priester van die Anglikaanse Kerk as 'n priester van die Rooms-Katolieke kerk in hulle midde. Hulle bid, soos hulle al die jare gebid het, vir verlossing. Hulle is 'n stil groep te midde van die geraas"(p.96).

Hulle maak ook die laaste reis met die kombi mee:

5."Die Stigter klim in, asook verskeie plakkers van Crossroads" (p.113).

Op pad na B.F.W. gewaar die kombi-reisigers die ontvolkte platteland:

6. "'Ek sal graag in so 'n huis wil woon', sê die plakker van Crossroads"(p. 117).

Voor die grand finale, verlaat die plakkers die kombi:

7. "Anderkant die bult tik 'n lid van die plakkersgemeenskap van Crossroads Onse Hymie op die skouer. 'Mag ons afklim, meneer?'" (p.122)

Dus: die woord Cross word sewe keer gebruik, in die ikoniese tipografie is die kruis twee keer te sien, en dan ook implisiet in Johannes Garries se kleredrag: altesaam tien keer is daar 'n kruis in die gesigsveld as Onse Hymie gelees word. En dit is ook een van die tien wette van Exodus wat Hymie oortree en dan in die roman tragies ondergaan.

Daar is reeds op gewys dat die aftakeling van die Vleispaleis nie totaal is nie (afdeling 4.2.1), daar is ook op gewys dat die kombi se vernietiging met vuur reinigend van aard is. En wat oënskynlik 'n roman vol burleske grappe en oppervlakkige spitsvondighede is, het groot geloofswaarhede ingebou as die leser bereid en in staat is om op die regte plekke daarvoor te soek.

5.2 Die visie van die implisiete outeur

Die wêreldbeeld wat vervat is in die romans van Leroux, is die beeld van die tegnologiese stadsbeskawing. In die roman, Hilaria, verbeeld Johny Doepels dit so:

"Woonstelgeboue soos krismiskoeke op Seepunt, Johnson se blindings in

elke venster, laaie vol indekskaarte, krioelende menigtes op hierdie strand wat nou leeg is, gedissiplineerde chaos" (p.56).

Oor Onse Hymie beweer L.S. Venter (1983:39):

"In vergelyking met die vroeëre Leroux, is daar wat styl betref, ook 'n doelbewuste reduksie van beskrywende detail. Soms bly net 'n restant oor".

Die "gedissiplineerde chaos" van Hilaria word in Onse Hymie by B.F.W. aangetref en in strakke, kru taal vergestalt:

"In die hoofstraat is daar 'n verskeidenheid van hotelle, supermarkte, vulstasies, luuksueuse kakplekke vir die verbygaande toeris. Daar is losieshuise, rondawels, chalets, Griekse kafees, gewone kafees, met alles wat die hart begeer. (Vis-en-skyfies en James Hadley Chase-romans.) Die kos is kaksleg. Psigopate, duimryers, en opligters wag vir die 'suckers' op pad na die Kaap. Gemiddelde kos word in die beste restaurants verskaf. Kolossale vragmotors bulder dwarsdeur die nag deur die hoofstraat sodat niemand kan slaap nie" (p.120).

Die brein van die mens het hom na ongekende hoogtes gevoer. 'n Hart is oorgeplant en die mens het 'n uitstappie na die maan onderneem, maar die brein van die mens het ook 'n atoombom ontwikkel wat 'n krag kan ontsluit, groot genoeg om die wêreld te vernietig. Die apokaliptiese vernietiging het op ons drumpel gekom. Met al hierdie vreesaanjaende dinge in

gedagte het 'n groot, traumatiese angs die mensdom beetgepak en die teologie wat verkondig word, is : God is dood.

Hierdie uitsigloosheid word in die romans van Leroux veral verbeeld in tonele van verval. Die verwoesting van Hirosojima en Nagasaki lê altoos net onder die oppervlak aangedui. Maar in Onse Hymie is die tagtigs se oorlog - internasionale terrorisme en die eiland-oorloë aan die bod:

"'Hello,' sê dr. Ustinov vir Onse Hymie en Johannes Garries. Is julle op pad?'

'Ja,' sê Onse Hymie.

'Ek ook,' sê die Stigter.

'Tog sekerlik nie om die Seychelle te bevry nie!'

'Hoekom nie?' vra Onse Hymie.

'Lees julle nie koerante nie?'

'Ons het lank laas 'n koerant gesien en lank laas na die nuus geluister.'

'Ek is bevrees julle is te laat,' sê dr. Ustinov. 'Daar was 'n mislukte staatsgreep deur huursoldate.'

Onse Hymie lyk moedeloos.

'Is daar nog plekke om te bevry?'

'Ja' sê dr. Ustinov. 'Die Falkland-eilande.'

'Waar is dit?'

'Aan die suidelike punt van Suid-Amerika. Dis besonder koud daar.'

'Ons gee nie om vir die koue nie, maar ons hoop niemand spring ons voor nie.'

'Ek is bevrees die Britse Vloot is op pad soontoe.'

'Wat van Namibië?'

'Die Weermag en Untag en die Kubane sal daarvoor sorg.'

'Wat van Robbeneiland? Ons bevry Mandela.'

'Dit rus op jou eie gewete,' sê dr. Ustinov" (p.108).

Die mens van hierdie tegniese twintigste eeu word gemanipuleer deur die heersers van die advertensiewêreld, die sterre van die popmusiek, die helde en heldinne van die televisie en films se "soap operas", se knolverhale. Manipulering deur adverteerders word immer in Leroux se romans vergestalt. Die restant van advertensietegniese word in Onse Hymie uitgebeeld as die Stigter (verslankings?)-pamflette uitdeel:

"Daarna deel hy pamflette uit: voor en na. Hymie en Johannes ontvang elkeen een. Op die een pamflet is die foto van 'n eertydse dik, vet vraat, vreter, gulsbek, verslinder en veelvraat - 'n onduidelike weergawe van 'n afskuwelike figuur uit Hieronymus Bosch. Op die volgende pamflet 'n vars foto, van die energieke sewentigjarige" (p.37).

In Hilaria egter word manipulering deur adverteerders in detail uiteengesit as Julius Johnson sy toespraak hou:

"Johnson se blindings: proses van intensiewe navorsing, produk van gesonde oorleg. Ligter as 'n veertjie, sterker as die hortjies van die verlede, bekombaar vir

almal, vervangbaar deur 'n stelsel van inruiling, aanpasbaar deur 'n reeks van opsionele kleure. Nou: hoe meer vensters, hoe meer blindings; hoe meer blindings, hoe meer mense kan dit hê; hoe meer mense, hoe noodsaakliker die beplanning van geboue, hoe beter die geboue, hoe gelukkiger die mense, hoe groter die produksie...Op al die terreine van die lewe. Later minder werksure. Later....."(p 86).

Leroux beeld hierdie moderne beskawing uit in sy romans maar spreek ook 'n oordeel uit oor die leegheid en geestelike verval. Die metode wat hy veral aanwend om hierdie oordeel uit te spreek, is die beelding van destruksie.

Die aftakeling wat in die romans aangedui word, word immer groter, meer gewelddadig en meer onafwendbaar. In die radioprogram, Leeskring, het Leroux (1983) gesê dat hy die lesers met sy volgende roman goed die skrik op die lyf wil jaag. Is dit moontlik dat totale destruksie dan uitgebeeld sal word?

En sal die leser dan die antwoord op die onbeantwoorde vraag van Hymie verneem toe hy aan Johannes Garries gevra het: "Waarnatoe gaan jy nou?" (p.130).

Sal ons dus van die finale aftakeling verneem en uitvind waar Genade hom dan sal tuismaak?

Dit is seker duidelik uit die vorige redenering dat die mens die kiem van ondergang in sy eie intellek rondra, en so is "homo sapiens" ook in wese 'n tragiese figuur. Leroux wend die tragedie as vorm aan om meer

klem te lê op destruksie. En die tragiese is nie net in die aftakeling van karakters (soos Hymie se groteske sterwe) gesetel nie, maar ook in destruksie van romanruimte. Leroux is natuurlik by uitstek bekend as meester van die satire. Met die lem van satire takel die implisiete outeur in die romans alle heilige koeie en oppervlakkige valshede af. Aftakeling sou in sigself uitsigloos wees en dus klop met die wêreldgees wat Leroux juis met beelding en satire as boos uitwys. Daarom is daar in elke destruksiegegewe 'n teenpool - 'n beeld van suiwering, verlossing en heelwording.

5.3 Gevolgtrekking

Onse Hymie is dus 'n roman oor Ons Lewe. Dit is die lewe van ons in die Republiek van Suid-Afrika in die eeu van tegniek en plastiek, maar die eeu waar, hoewel dit oënskynlik verlore is, geloofswaarhede nog, soos altyd, so stewig soos berge gegrondves is. Soos reeds in afdeling 4.2.3 op gewys is, is die karakter Onse Hymie die verpersoonliking van ons lewe hier en nou. Hymie word ook gekarakteriseer as koning. En dis eg Lerouxiaans dat die koning moet sterf, want: "Die koning is dood, lank lewe die koning" is 'n refrein wat met verskeie variasies altoos deurklink in die oeuvre van Leroux. Dit bevestig net die tema van afsterwe en heropbou wat hier aangesny is. Kannemeyer (1983:377) beweer: "Terwyl (vernietigings) tonele aan Een vir Azazel en Magersfontein, o Magersfontein! 'n grootsheid verleen wat die romans bo hulle mitologiese

keurslyf en satire op aktualiteit onderskeidelik laat uitstyg, is die dood van Hymie niks meer as 'n whimper nie".

Tog sê Hymie terwyl hy besig is om te verkool: "Ek is bly om 'n vriend by my te hê as ek doodgaan" (p.130).

En wat 'n vriend! Daar staan Johannes Garries, sy naam beteken Genade op Genade, sy klere dra die teken van 'n kruis. En nou is die groteske sterftoneel in Onse Hymie nie meer 'n "whimper" nie, maar ontroerend skoon, 'n balsemende fluistering van genade.

BRONNELYS

Primêre Bronne

LEROUX, Etienne.

1956. Die eerste lewe van Colet.
Kaapstad: Human en Rousseau
- 1958. Hilaria. Kaapstad:H.A.U.M.
- 1959. Die mugu. Kaapstad:H.A.U.M.
- 1962. Sewe dae by die Silbersteins
Kaapstad: H.A.U.M.
- 1964. Een vir Azazel.Kaapstad:
Human en Rousseau.
- 1966. Die derde oog. Kaapstad:
Human en Rousseau.
- 1967. 18-44. Kaapstad: Human en
Rousseau.
- 1969. Isis Isis Isis. Kaapstad:
Human en Rousseau.
- 1972. Na'va. Kaapstad: Human en
Rousseau.
- 1976. Magersfontein, o Magersfontein!
Kaapstad: Human en Rousseau.
- 1982. Onse Hymie. Kaapstad en
Pretoria: Human en Rousseau.

Sekondêre bronne

- ABRAMS, M.H. 1971. A Glossary of literary
terms.New York: Rinehart & Win
ston.
- ALBERTYN, C.F. (Samest.) (1971-1977).
Ensiklopedie van die wêreld.
Stellenbosch: C.F. Albertyn.
10 dle.
- ALEXANDER, Pat. red. 1980. Bybelensiklope=
die vir die jeug. Kaapstad:

Die Verenigde Protestantse Uitgewers.

ANTONISSEN, Rob.

- 1957. Bespreking van "Die eerste lewe van Colet". Standpunte, 11(5):107-109, Des.
- 1959. Bespreking van "Hilaria". Standpunte, 12(4):55-57, April
- 1961. Bespreking van "Die mugu". Standpunte, 14(4):48-49, April
- 1963. Bespreking van "Sewe dae by die Silbersteins". Standpunte, 16(3):45-48, Febr.
- 1964. Bespreking van "Een vir Azazel". Standpunte, 17(3):48-49, Okt.

BARNARD, Chris. 1978. 'n Onverwagte nattigheidjie. (In DE VRIES, Abraham H. Die Afrikaanse kortverhaalboek. Kaapstad: Human en Rousseau)

BOTHA, Elize.

- 1964. Bespreking van "Sewe dae by die Silbersteins". Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 4(1):64-66 Maart.
- 1970. Bespreking van "Isis Isis Isis". Standpunte, 23(4):35-38 April.
- 1973. Bespreking van "Na'va". Tydskrif vir Geesteswetenskappe 13(2):160-164. Junie.
- 1983. Die Sestigters word sestig: Sestig word twintig. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 23(1):53-61. Maart.

BOTHA M.C. 1984. In gesprek met Etienne Leroux. Tydskrif vir Letterkunde. 22(1):36-42. Febr.

- BRAND, Paul. samest. 1967. Moderne encyclopedie der wereld literatuur. Hilversum: Brand.
- BRINK, André P.
1967. Aspekte van die nuwe prosa. Pretoria:Academica
- 1979. 'n Droë wit seisoen. Johannesburg: Taurus.
- 1982. Rooistefaans: Gremlin of Guru. Standpunte. 35(3):9-14. Junie
- BYBEL. 1957. Naslaan-uitgawe. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- 1959. Met verklarende aantekeninge. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.
- 1983. Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- CAMPBELL, Laurence R. & WOLSELEY, Roland E.
1961. How to report and write the news. Englewood Cliffs. N.J.: Prentice Hall Inc.
- CARUS, Paul. 1897. Buddhism and its Christian Critics. Chicago: Open Court.
- CIRLOT, J.E. 1962. A dictionary of symbols. (vert. J. Sage). London: Routledge & Paul.
- CLOETE, T.T.
1964. Bespreking van "Een vir Azazel" Tydskrif vir Geesteswetenskap=
pe, 4(4):479-481, Des.
- 1970. Kaneel. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- 1976. Die hipertrofie van die ego in Leroux se "Isis Isis Isis" Tydskrif vir letterkunde, 14(2):8-25. Mei.
- COE, Richard N. 1971. Ionesco. A study of

- his plays. London: Methuen.
- DAISNE, Johan. (pseud. Thiery, H.) 1973. Wat is magisch-realisme. Parys: Manteau.
- DANTE, Alighieri. 1972. The divine comedy. London: The Bodley Head.
- DAVIDSON, B. 1967. Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon. London: Samuel Bagcier.
- DEKKER, G. 1960. Afrikaanse Literatuur=geskiedenis. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- DEUDNEY, E.S. 1971. Die siklus as kompositoriese probleem, met besondere verwysing na twee siklusse van D.J. Opperman. Verhandeling (M.A), RAU.
- DE VRIES, Ad. 1974. A dictionary of symbols and Imagery. Amsterdam: North Holland Publishing Co.
- DIKKERS, S.J.E. 1969. Ironie als vorm van kommunikasie. Den Haag: Kruseman.
- D'OLIVIERA, H.U. 1965. Bespreking van "Sewedaë by die Silbersteins". Zuid-Afrika. 42(2):30-31, Febr.
- DU PLESSIS, P.G.
1967. "Die derde oog". 'n Poging tot insig en begrip. Standpunte. 20(3):61-64, Febr.
- 1968. Die verwysing in die literatuur. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- 1969. Etienne Leroux, wat wil jy vir ons sê? Die Huisgenoot 42(2485):10-12, November.
- DREYER, Joh. 1983. Kuyper en Hoedemaker na honderd jaar (5). Die Hervor=

- mer. 75(6):16, Maart.
ENSIKLOPEDIE VAN DIE WERELD.
kyk
- ALBERTYN, C.F.
ESSLIN, M. 1968. The theatre of the absurd.
Middlesex: Pelican book.
- ESTER, Hans. 1973. Die groteske wêreld van
"Een vir Azazel". Standpunte,
27(7)1-9. Oktober.
- EYBERS, E. 1962. Balans. Kaapstad: Human
en Rousseau.
- FRANKL, Viktor. 1975. Waarom lewe ek? (vert.
J.D. Louw). Kaapstad en
Pretoria:HAUM.
- FRYE, N. 1957. Anatomy of criticism. Prince-
ton, N.J.: Princeton University
Press.
- GENETTE, Gerard. 1979. Tijdaspeken in de
roman, volgorde, duur, herha-
ling. (vert. Marie-Elize
Dieppen). Assen: Van Gorcum.
- GOTTWALD, S.R. 1979. Der mutige Narr im dra-
matischen Werk Friedrich Dür-
renmatts. (Proefskrif D.Phil,
Univ. Witwatersrand.)
- GROSHEIDE, F.W. (red.). 1958. Bybelse Ensi-
klopedie. Kaapstad: Verenigde
Protestantse Uitgewers.
- GROVÉ, A.P.
1962. Motivering by toekenning
van Hertzogprys vir prosa.
Standpunte, 17(6):65-66, Aug.
- 1975. Woord en wonder. Kaapstad:
Nasionale Opvoedkundige Uitge-
wery Bpk.
- GUTHKE, Karl S.
1961. Geschichte und Poetik der
deutschen Tragikomödie.

- Gottingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- GUTHKE, Karl S. 1966. Modern tragicomedy. New York: Random House.
- HALL, James. 1980. Dictionary of subjects and symbols in art. London: Murray.
- HEINZ-MOHR, G. 1981. Lexikon der Symbole: Bilder und Zeichen der christlichen Kunst. Düsseldorf: Diederichs Verlag.
- HELLER, John. 1984. Shroud of mystery. Reader's Digest, 124(745): 219-272, Mei.
- HOLMES, Arthur. 1972. Principles of Physical Geology. London: Beccles and Colchester.
- HUISAMEN, Tim. 1977. Twee keer gespeel. Standpunte, 30(6):54-59, Des.
- HUXLEY, Aldous. 1932. Brave new world. London: Chatter & Winders
- JOHL, Johann, 1980. Die rol van dialektiek in Leroux se "18-44" of "Deur die oog van die Kosak". Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 20(1):3-17, Maart.
- JUNG. C.G. 1964. Man and his symbols. London: W.H. Allen.
- KANNEMEYER, J.C.
1970. Op weg na Welgevonden. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- 1983. Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur II. Pretoria: Academica.
- KERR. W. 1967. Tragedy and comedy. London: The Bodley Head.
- KITTEL, Gerhard en FRIEDRICH, Gerard. 1974. Theological dictionary of the

- New Testament. (vert. Bromiley Geoffrey W.) Stuttgart: W. Kohlhammer Verlag. 9 bde.
- KOBLER, John. 1972. The life and world of Al Capone. London: Michael Joseph
- KOEN, Renske.
1976. Die ek-verteller in "18-44" en "Isis Isis Isis". Tydskrif vir letterkunde, 14(2):32-40, Mei.
- 1977. Bespreking van die nuwe uitgawe van "Die eerste lewe van Colet" en "Magersfontein, o, Magersfontein!" Tydskrif vir Letterkunde, 15(1):69-73, Febr.
- KRIGE, Uys. 1940. Eenbedrywe. Kaapstad: Unie-Volkspers.
- LEDERLE, H.I. 1969. 'n Religieuse en wêreldbeskoulike ontleding en waardebeplanning van die prosakuns van E. Leroux. Verhandeling (M.A.), U.O.V.S.
- LEROUX, E. en VAN RENSBURG, F.I.J. 1971. Gesprekke met skrywers I. Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg.
- LEROUX, Etienne.
1980. Tussengebied. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
- 1981. Toespraak by aanvaarding van Perskorprys. Tydskrif vir Letterkunde, 19(2):101-102. Mei.
- 1983. Leeskring. S.A.U.K.-uitsending. 27 Jan. 1983.
- LINDENBERG, E.
1963. Bespreking van "Sewe dae by die Silbersteins". Krieterium, 1(1): 16-19. April.

- 1965. Onsydige toets. Kaapstad en Pretoria: Academica.
- LOUW, N.P. van Wyk. 1963. Vernuwning in die prosa. Kaapstad: Human en Rousseau.
- MAATJE, Frank C. 1970. Literatuurwetenskap. Grondslagen van een theorie van het literaire werk. Utrecht: A. Oosthoeks.
- MALAN, Charles. 1978. Misterie van die alchemis. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- MICHEL, A. 1977. The Scythians, silent horsemen of the steppes. (In: Reader's Digest Association Limited. The world's Last Mysteries. London.)
- MIJNHARDT, C.F. 1956. Die Afrikaanse Bybelkonkordansie. Pretoria: Van Schaik.
- MINNAAR, L.C. 1982. Wêreld en waarde. "Magersfontein, o Magersfontein!" in öenskou. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.
- MORGAN, Clifford T. & KING, Richard A. 1966. Introduction to psychology. New York: Mc Graw-Hill.
- MOUTON, M.S. 1976. Enkele sikliese aspekte in die Welgevonden-trilogie deur Etienne Leroux. Verhandeling (M.A.), Univ. van Natal.
- MULLER, H.C.T. 1964. Bespreking van "Een vir Azazel" Kriterium, 2(3):27-32 Okt.
- OPPERMAN, D.J. 1959. Wiggelstok. Kaapstad: Nasionale Boekhandel
- OXFORD ENGLISH DICTIONARY 1961. Oxford:

- Oxford Univ. Press.
- PUECH, Henri-Charles. 1958. Gnosis and time. (In Campbell, Joseph, red., Man and Time. Papers from the Eranos Yearbooks. London: Routledge & Paul Keegan.)
- POSTMA, F. 1972. Beknopte woordeboek. Latyn - Afrikaans. Kaapstad: H.A.U.M.
- PRONKO, L.C. 1962. Avant-garde: the experimental theatre in France. London: Cambridge Univ. Press.
- QUR'AN, 1979. QUR'AN. (vert. Imam M.A. Baker). Durban: Islamic Propagation Centre.
- RAMPA, Lobsang. 1963. The third eye. London. Secka & Warburg.
- RETIEF, I.F. Voorsitter Feeskommissie. 1980. Geloftefees 1980: honderdjarige herdenking van Paardekraal. Krugersdorp:?
- READER'S DIGEST. 1977. Reader's Digest Great World Atlas. London.
- SCHOONEES, P.C. (red.) 1970. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Pretoria: Voortrekkerpers.
- SCHUTTE, H.J. 1975. Geestigheid as literêre perspektief. Proefskrif (D.Phil.), P.U. vir C.H.O.
- SENEKAL, J.H. 1969. Etienne Leroux as hekkelaar. Zuid-Afrika, 46(1): 10, Jan.
- SHAKESPEARE, William. (s.a.). The complete works of William Shakespeare. Edited by W.G. Clark & Aldis Wright. New York: Nelson Doubleday.
- SHIPLEY, Joseph Twaddell. 1970. Dictionary

- of World Literature. New rev. ed.
Boston: The writer inc.
- SMEDING, S.S. 1965. 40 Christelike simbole.
Den Haag: Van Keulen Periodieken
- SMUTS, J.P. 1976. Die verwysingsveld in
'Die derde oog'. Tydskrif vir
Letterkunde, 14(2):26-31, Mei.
- STEENBERG, D.H.
1972. Sestigerproblematiek:
Aanleiding tot 'n Christelike literatuurbrskouing en kritiek.
Proefskrif (D.Litt.) P.U. vir
C.H.O.
- 1982. Rendom die verteller in 'Magers=
fontein, O Magersfontein'
(In MALAN, Charles, red., Die oog
van die son. Pretoria en Kaapstad:
Academica.)
- STEYN, Louis. 1978. Die Afrikaanse Opera=
gids. Kaapstad en Pretoria: Human
en Rousseau.
- SWANEPOEL, P.H. 1974. Ruimtelike plasing as
struktuurmoment in die romankuns van
Etienne Leroux. Verhandeling (MA)
- P.U. vir C.H.O.
- STROEBEL, M. 1978. Tyd as strukturelement
in Na'va van E. Leroux. Verhan=
deling (MA) - P.U. vir C.H.O.
- SUID-AFRIKA (Republiek) DEPARTEMENT VAN
POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE.
1983/84. Vaaldriehoek. Telefoon=
gids. Johannesburg: Perskor.
- TELEFOONGIDS:
kyk

- S.A. (Republiek) DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE.
- THERON, Anita. 1977. Die derde siklus van Etienne Leroux. Tydskrif vir Letterkunde, 15(3):59-62, Aug.
- UPDIKE, John. 1971. Run Rabbit. Middlesex: Penguin.
- VAN COLLER, H.P. 1980. Etienne Leroux as siklusbouer. Proefskrif (D.Litt.), RAU
- VAN DALE. 1975. Groot woordenboek der Nederlandsche Taal. 's Gravenhage.
- VAN DER WALT, P.D. 1969. Mene Tekel. Kaapstad: Nasionale Boekhandel
- VAN DEVENTER, Suzanne. 1977. Aantekeninge oor "Magersfontein, o Magersfontein!". Tydskrif vir Letterkunde, 15(3):59-62, Aug.
- VAN HEERDEN, Ernst. 1977. Digterlike diagnose. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- VAN MELLE, J. (s.a.) Die simboliese getalle in die Bybel. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- VAN NIFTRIK, G.C. 1961. Kleine dogmatiek Nijkerk: N.V. uitgever.
- VAN RENSBURG, F.I.J.
1972. Etienne Leroux as siklusbouer. Standpunte, 25(6) 13-26, Aug.
- 1982. 'n Tergende slotparagraaf. (In: GROVÉ, A.P., samest., Beeld van waarheid. Kaapstad, Pretoria, Johannesburg: Human en Rousseau.)
- VAN ROOY, C.A. 1960. Die mitiese patroon en sielkundige grondslag in

- "Hilaria" van Etienne Leroux.
Standpunte, 13(3):28-40,
April.
- VAN VUUREN, Helize. 1975. Tyd as struktuur=
bepalende faktor in die
moderne verhaalkuns. Stand=
punte, 28(4):45-49, April.
- VENTER Hertzog. 1979. Die Christen en "Ma=
gersfontein". Tema en uit=
beelding. Die kerkblad.
82(2503): 4-6, Junie.
- VENTER, L.S.
1973 (a). Die religieuse motief in
"Die derde oog". Standpunte,
26(3):3-11. Febr.
- 1973. (b). Satire. Langenhoven en
Leroux. Verhandeling (MA),
P.U. vir C.H.O.
- 1982. Een vir Azazel en die naïewe
leser. (In: GROVÉ, A.P.,
samesest., Beeld van waarheid.
Kaapstad, Pretoria, Johan=
nesburg: Human en Rousseau.)
- 1983. Geperverteerde komedie. Oor
Leroux en "Onse Hymie".
Buurman, 13(3):37-39, Mei.
- VERMEULEN, H.J. 1971. "Die derde oog" as
ghoeroe. Standpunte, 25(2):4-16
Des.
- VONDEL, J. 1968. Jephta of Offerbelofte.
Pretoria: Van Schaik
- VISSER, J.J. C. 1977. Die Bybelensiklopedie
vir die Jeug. Kaapstad:
Tafelberg.
- WAUGH, Evelyn. (s.a.). The loved one.
Middlesex: Penguin.
- WEBSTERS. 1961. Third new International
Dictionary of the English

- Language. Chicago:
William Benton.
- WEIDEMAN, G.H. 1983. Pure Boereverneukery by
Leroux. Die Republikein,
6(11):7, 20 Mei.
- WELLEK, Rene & WARREN, Austin. 1966. Theory
of Literature. London: Cox &
Wyman Ltd.
- WORCESTER, David. 1960. The art of satire.
New York: Russell and Russell.